# Morele verval onder die jeug van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika(AGS) (Rehobot-gemeente, Upington):'n Pastorale studie

**RF Crow**

**orcid.org/0000-0002-4296-8816**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die

graad *Magister Artium(Pastoraal)*aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. Dr. Marius Nel

Mede-studieleier: Prof.Dr. George Lotter

Gradeplegtigheid: Julie 2019

Studentenommer: 21217963

# VOORWOORD EN ERKENNINGS

Hierdie verhandeling is opgedra aan my vrou,**Charmaine,** en my twee seuns,**Eben en Grant**, wat deurlopende ondersteuning en onvoorwaardelike liefde aan my betoon het tydens die verloop van my studies en tyd van siekte. Hulle is my inspirasie!

Verder wil ek my dankbetuig aan die volgende persone wat in besonder erkenning verdien in die bydraes wat hulle gelewer het om hierdie verhandeling moontlik te maak:

- In die eerste plek wil ek dankie sê vir die Here wat my bron van genesing en ondersteuning was in hierdie proses en wat my gehelp het om gemotiveerd te bly.
  Sonder die Here se leiding sou hierdie nie moontlik gewees het nie.
- Dankie aan my eerste studieleier, **Dr. Marina van Loggerenberg,**en haar man, **Dr. Etienne van Loggerenberg**, vir hul opofferings, leiding en geduld. Die advies en kennis wat hulle oorgedra het, is van onskatbare waarde.
- Dankie aan my studieleier,**Prof. Marius Nel,**en mede-studieleier,**Prof. George Lotter**,asookM**nr. Lee Trollip** wat my gehelp het tydens die afhandeling van hierdie verhandeling.
- Dankie aan **Dr. Marina van Loggerenberg** vir die Taalversorging.
- Dankie aan elkeen van die deelnemers wat hulle persoonlike lewens in hierdie verhandeling gedeel het. Dankie vir die tyd wat julle afgestaan het en in besonder vir julle eerlikheid.
- Laastens wil ek dankie sê aan my hele familie wat op die een of ander manier ŉ invloed gehad het in my lewe en wat ŉ bydrae gelewer het tot die persoon wat ek vandag is.

**SOLI DEO GLORIA**

## OPSOMMING

**Morele verval onder die jeug van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS) (Rehobot-gemeente, Upington): ’n Prakties-teologiese studie**


Daar is tekens van morele verval in beide die Suid-Afrikaansegemeenskapen in die kerk. Die jeug in die Upingtonomgewing, Noordkaap, word veral hierdeurgeraak. Die volgende vraag ontstaan: Hoe toegerus is die jongmense van die AGS Rehobot-gemeente met die hantering van kwessies soos morele verval?

Hoewel kwalitatief benader, is daar in hierdie studie van ’n gemengde navorsingsmodel gebruik gemaak, wat ’n vraelys insluit. Vanuit ’n etno-outografiese oogpunt, vertel die navorser hoe die morele verval van jongmense in sy gemeente hom aangegryp het. Uit sy waarnemings, aanwending van ’n vraelys, data-analise en beskrywings, het die navorser die eerste taak volvoer volgens die navorsingsmodel van Osmer. Dit staan bekend as die deskriptief-empiriese taak, en behels dat die navorser, as pastoor, “priesterlik’’ sal luister na wat in die gemeente aan die gang is.

Uit die waarnemings van die navorser vloei die interpretasie van die gegewens voort, en die volgende sake het duidelik na vore getree:

- Hoërskoolleerders probeer grenslyne verskuif en kyk hoe ver en hoe lank hulle daarmee kan wegkom.Die meeste jeugdiges spandeer hul tyd onproduktief deurdat hulle elke middag net televisie kyk.
- Hulle is konstant met hul selfone op Mxit, Facebook, pornografiese webtuistes en op sosiale netwerke besig.
- Kinders is meer blootgestel aan die vrydenkende samelewing in hulle soeke na alternatiewe geleenthede om hulle fantasieë elders te stimuleer.
- Alhoewel die jeug twee tot drie maal per maand kerk toe gaan, bestaan daar groot kommer wanneer dit kom by die nalaat van die lees van die Bybel.

- Bogenoemde sake dui rooi-ligte aan en behoort vir die kerk 'n aanduiding te wees dat iets drasties gedoen moetword om die kerk meer betrokke te maak by die jeug.
- Omgewingsinvloede speel 'n groot rol by misbruike soos die gebruik van alkohol, selfverwaarlosing en sosiale isolasie.
- Die rook van sigarette en/of die okkapyp en die gebruik van harder dwelmmiddels skep ook probleme.
- Vele ouers is naïefen dink hulkinders is nog jonkenonskuldigwanneerditkom by die eksperimentering met seks, drank endwelms.

Deurdieliterêreondersoek is die tweedetaak van die navorserafgehandel, met die doelomverderebegriptekryvanuitverwantewetenskappe,soos die Opvoedkunde, Psigologie, Etiek, Filosofie endie Media.Die openbaringshistoriesemetode is by die derdetaak, naamlik die normatiewe, gebruikby die hantering en analisering van verskeieSkrifgedeeltes.Die vierdetaak van die navorser, die pragmatiese, sluit hierdie proses af,naamlikom met 'n nederigeendienendeingesteldheid, leidingte gee oor hoe om die sedelike vervaltekeer en te voorkom.

Die sentraleteoretiese argument van hierdie studie, is'n bewysdatbegripnoubestaanoor die verskynsel van sedelikevervalonder die jeug van 'n gemeente in Upingtonenomgewing. Die klemvaldaaropdat die AGS Rehobot-gemeente inUpington,voorbereidsal wees om op grond van voorgesteldeBybelsenorms,bepaalderiglyneen programme in werkingtestel. Hierdie riglyne kan aangewend wordvirdie hantering van die jeug, hulleouers, en die res van die gemeente, wat met die bekampingenbestryding van sedelikeverval in die omgewingbetrokkegaanraak.

***Sleutelwoorde:***Jeug, sedelikheid/moraliteit, onsedelikheid/morele verval, verval, AGS Rehobot-gemeente, pastoraleberading

## ABSTRACT

**Moral decline amongst the youth of the Apostolic Faith Mission (AFM), (Rehobot Congregation, Upington): A Practicaltheological study**

Signs of moral decline have been noticed in the South African society and in the church. In the Upington and surrounding areas of the Northern Cape Province, the youth is influenced by this phenomenon. The question relates to how prepared the youth of the AFM Rehobot Congregation is when confronted with these issues.

From an auto-ethnographic perspective and through qualitative narrative, the researcher shares how he felt when he noticed the moral decay of the youth in his congregation. Through observation, a questionnaire, data-analysis and descriptions, the researcher completed the first task according to the research example of Osmer. This is known as the descriptive-empirical phase of the study, and requires that the researcher, as pastor, will conduct “priestly listening” while trying to find out what is going on in this congregation.

From observation by the researcher, flows the interpretation of the information. This is the second phase of the investigation, and a “sagely wisdom” is necessary to identify and consider the findings that need to be contemplated and revisited. The following issues were identified:

- High School learners try to pushthe boundaries of morality and in the process see how far they can go and how long they can keep on doing it.
- Most young people spend their time unproductively, by watching television all afternoon.
- Many young people are frequently on their cell phones, with Mxit, on Facebook, visiting pornographic websites and social networks.
- Although the youth still go to church two tothree times a month, there is reason for concern when it comes to the obvious neglect of reading the Bible.

- All the signs mentioned above, should be an indication to the church that something must be done to attract young people to the church services.
- Environmental influences play a significant role in the abuse of alcohol, inthe youth neglecting themselves, and social isolation.
- Cigarette smoking or the use of the “okka-pipe”, abuse of so-called hard drugs, oftenhappen because of peer group pressure and other social influences.
- Many parents are naive by thinking that their children are still too young and innocent when it comes to experimenting with sex, alcohol and drugs.

The literature review completes the second phase, namely the interpretative task of the research. Thus, the aim is to come to a better understanding of the topic, by visiting other authors from related disciplines such as Education, Psychology, Ethics, Philosophy and the Media.The method used to complete the third, or normative task, is the approach called the History of Revelation. The historical facts of the Old and New Testament are studied to answer the question of what the Bibles teaches regarding to what the church ought to do, to try and understand, cope with and show how moral decay amongst the youth may be prevented.The ultimate claim of the research finally reaches its goal in the completion of the practical-strategic task. This is the fourth task, showing how the church should take the lead in a manner that speaks of humility, an attitude of “servant leadership”, to show the waythat the congregation can follow to prevent, stop and turn around the immorality that still prevails in the church.

The central theological argument finds its partial fulfilment therein that the concept of the moral decline of the youth in a congregation in Upington and surroundings is explained and understood by the church. The emphasis will be on how the AFM Rehobot Congregation in Upington, will be prepared to implement, according to Biblical norms and values, the guidelines and programmes when interacting with the youth, their parents and the rest of the congregation, who will be involved in the battle against the moral decline in their congregation.

***Keywords:*** Youth, morality, immorality, decay, AFM Rehoboth Congregation/Assembly, pastoral counselling

## INHOUDSOPGAWE


VOORWOORD EN ERKENNINGS ..... i

OPSOMMING ..... ii

ABSTRACT ..... iv

INHOUDSOPGAWE ..... 1

HOOFSTUK 1 – INLEIDING EN ORIËNTERING ..... 1

1.1 INLEIDING ..... 1

1.2 SLEUTELTERME ..... 2

1.2.1 Verklaring van sleutelterme ..... 2

1.3 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING ..... 4

1.3.1 Agtergrond ..... 4

1.3.2 Probleemstelling ..... 6

1.3.3 Navorsingsvraag ..... 11

1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE ..... 11

1.4.1 Doelstelling ..... 11

1.4.2 Doelwitte ..... 12

1.5 NAVORSINGSPLAN EN METODOLOGIE ..... 12

1.5.1 Inleiding ..... 12

1.5.2 Die outo-etnografiese benadering ..... 13

1.5.3 ’n Kwalitatiewe benadering: Osmer se Model (2008) ..... 17

1.5.4 ’n Kwantitatiewe benadering: Die Vraelys ..... 19

1.5.5 Navorsingsontwerp ..... 21

1.5.6 Samevatting van metodologie ........ 26

1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT ........ 27

1.7 ETIESE OORWEGINGS ........ 27

1.8 VOORGESTELDE HOOFSTUKINDELING ........ 28

HOOFSTUK 2 – INTERPRETATIEWE ONDERSOEK EN LITERATUURSTUDIE .. 29

2.1 INLEIDING ........ 29

2.2 VANUIT DIE OOGPUNT VAN DIE OPVOEDKUNDE ........ 29

2.3 VANUIT DIE OOGPUNT VAN DIE CHRISTELIKE ETIEK ........ 34

2.4 VANUIT DIE OOGPUNT VAN DIE PSIGOLOGIE ........ 36

2.5 DIE FILOSOFIESE UITGANGSPUNT ........ 40

2.6 MEDIA SE INVLOED ........ 42

2.7 SAMEVATTING ........ 44

HOOFSTUK 3 – SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEWE ........ 46

3.1 INLEIDING ........ 46

3.2 MORALITEIT IN ‘N BYBELSE PERSPEKTIEF ........ 47

3.2.1 Inleiding ........ 47

3.3 OU TESTAMENT ........ 48

3.2.1 Samevatting oor moraliteit in die Ou Testament ........ 56

3.4 NUWE TESTAMENT ........ 56

3.4.1 Inleiding ........ 56

3.4.2 Samevatting oor moraliteit in die Nuwe Testament ........ 62

3.5 PASTORALE PERSPEKTIEWE: Konstruksie van etiese norms ........ 62

3.5.1 Sosiale netwerke ........ 64

3.5.2 Religieuse besonderhede ........ 64

3.5.3 Seksuele houding........................................................................ 65

3.5.4 Verhouding met ouers/broers/susters ................................................ 66

3.6 SAMEVATTING ........................................................................ 66

HOOFSTUK 4 – SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN REFLEKSIE OOR STUDIE ........................................................................ 67

4.1 SAMEVATTENDE INLEIDING ........................................................ 67

4.2 GEVOLGTREKKINGS ........................................................................ 69

4.2.1 Sosiale netwerke ........................................................................ 69

4.2.2 Religieuse besonderhede ........................................................................ 69

4.2.3 Seksuele houding........................................................................ 70

4.2.4 Verhouding met ouers/broers/susters ................................................ 70

4.3 RIGLYNE VORENTOE ........................................................................ 71

4.3.1 Primêre voorkoming ........................................................................ 71

4.3.2 Sekondêre voorkoming ........................................................................ 72

4.3.3 Tersiêre voorkoming ........................................................................ 72

4.4 REFLEKSIEWE GEDAGTES OOR HIERDIE STUDIE ....................... 72

4.5 VERDERE NAVORSINGMOONTLIKHEDE....................................... 73

AANHANGSEL A ........................................................................ 113

AANHANGSEL B ........................................................................ 115

BRONNELYS ........................................................................ 127

# HOOFSTUK 1 – INLEIDING EN ORIËNTERING

## 1.1 INLEIDING

Navorsing word dikwels voorafgegaan deur duidelike en waarneembare patrone van gebeure of verskynsels (Mouton, 1985:160). Volgens Osmer (2008), is die primêre doel van navorsing onder andere "*to equip congregational leaders to engage in episodes, situations and contexts that confront them in ministry*".Hy sê die eerste taak van die navorser is die "beskrywend-empiriese" taak. Die beskrywende taak wil die vraag beantwoord wat vra: "***Wat is hier aan die gang?***".Osmer (2008) begrond die beskrywende taak in terme van '*spirituality of presence*':*"It is a matter of attending to what is going on in the lives of individuals, families, and congregations".*My waarneming as die pastoor van AGS Rehobot-gemeente is dat daar onder die jeug van die gemeente in Upington, 'n duidelike patroon van morele of sedelike verval waarneembaar is en dit het my laat wonder wat aanleiding gee tot hierdie agteruitgang.

Vir hierdie doel, het die navorser deur noukeurige waarneming, ondervraging, gesprekke en 'n kwantitatiewe vraelys, ondersoek ingestel na die moontlike faktore of gebeure wat aanleiding kangee tot die jeug se afwyking van normale gedrag en sedelike verval in hul seksuele houdings, familieverhoudinge, gesindheid teenoor die Skrif en kerk, asook hoe hul vrye tyd spandeer word. Die aktualiteit van hierdie ondersoek is daarin geleë dat die navorser, as gemeentepastoor, aan die hart gegryp is oor die sedelike veral van die jongmense en hoe hulle God se plan vir hul lewe mis – die plan waarvan die profeet Jeremia praat: "Ek weet wat Ek vir julle beplan… voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee…" (Jer. 29:11). Hoe gouer die redes vir hierdie gedrag vasgestel word, hoe gouer en hoe meer effektief kan die kinders van die gemeente gehelp word om hierdie gedrag te vermy.

Die doel van hierdie studie lê verder daarin, dat daar vanuit die resultate van die ondersoek vasgestel word watter faktore die agteruitgang veroorsaak, sodat teenvoeters voorgestel kan word om hierdie proses om te keer, of om die resultate

van die studie aan te wend op een of ander wyse van toepassing in die gemeenskap. Vooraf moet die sleutelterme in hierdie verhandeling eers verklaar word.

## 1.2 SLEUTELTERME

Jeug, sedelikheid/moraliteit, onsedelikheid/morele verval, verval, AGS Rehobot-gemeente, Pastorale Berading.

*Youth, morality, immorality, decay, AFM Rehobot Congregation/Assembly, Pastoral Counselling*.

### 1.2.1 Verklaring van sleutelterme

- **Jeug:**Dit verwys na die tydperk van jonk wees, veral vanaf puberteit tot volwassenheid. Al die jeugdige persone: Die skoolgaande jeug vanaf 12 jaar tot 18 jaar. Tydperk van besondere energie en krag gedurende volwassenheid (Odendaal, 1997:490). Labuschagne (1993:305) beskryf jeug as “die eerste jare van ŉ mens se lewe, jonkheid; die bloeitydperk van volwassenheid”. In die gemeente word al die jongmense as “die jeug” beskou, al is sommige van hulle nog maar op hoërskool, en al het hulle nog nie belydenis van hulle geloof afgelê nie.

- **Sedelikheid:** ŉSede is ŉ gewoonte of ŉ gebruik in die gewone omgangstaal; derhalwe sal sedelikheid beteken dit wat die gangbare, of gewone maatskaplike gebruik of gewoonte in die omgewing of in die land is. Volgens Labuschagne en Eksteen (2007:743), is sedelikheid gelyk aan eerbaarheid, verantwoordelikheid en selfs moraliteit. Die woord sedelikheid word trouens in die meeste gewone woordeboeke met “*morality*” in Engels vertaal. Dit kan ook deugdelikheid, goeie hoedanighede, goeie gedrag of optrede, of selfs om verpligtinge teenoor mekaar na te kom, beteken. Die gevolgtrekking wat gemaak word deur Geisler (2010:15), is dat sedelikheid te doen het met dit

wat sedelik of moreel reg of verkeerd is. En Christelike etiek of sedelikheid beteken dan dit wat moreel reg en verkeerd is vir ŉ Christen – want ŉ Christen se norms word gevind in die Bybel. Die Bybel is dus die uiteindelike outoriteit op wat reg en verkeerd is wanneer daar oor sedelikheid, moraliteit, norms en waardes uitspraak gelewer moet word.

- **Onsedelikheid:** In goeie Afrikaans, is dit logies dat onsedelikheid die teenoorgestelde sal beteken van sedelikheid. Labuschagne en Eksteen (2007:580) verklaar onsedelik as "dit wat in stryd is met die goeie sedes". Die betekenis word selfs verder gevoer deur dit te verklaar as "beginselloosheid", en nog verder as "ontugtigheid", waaruit die spesifiek promiskue betekenis van onsedelikheid duidelik blyk.

- **Moraliteit:** Volgens Meiring (2003:1) is die woord moraliteit (vertaal met "sedelikheid") afgelei van die Griekse woord "*etos*". Etos verwys na iets wat nie sonder rede gebeur of gedoen word nie (Liddel & Scott, 1953:258). Dit kan ook handel oor die manier waarop ŉ dier byvoorbeeld leef, slaap, vreet, ensomeer. In hierdie geval verwys moraliteit na die mens se optrede in sy eie woonplek en dus ook na sy gebruike en gewoontes;dit beskrywe dus die mens se gedrag, optredes en lewenstyl. En dit gebeur nie sonder ŉ bepaalde rede of veronderstelling nie. Daarom impliseer dit die gesindheid, norms of lewenskodes wat die mens se gedrag bepaal. Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) (Odendaal, 1997:490) beskryf dit as: "Wat betrekking het op die gevoel vir wat goed en reg is: 'sedelikheid'". Sedelik word verder ook gedefinieer as: "Ooreenkomstig die goeie sedes: deugsaam" (soos hierbo aangetoon in die vorige paragraaf).

- **Morele verval:** Dit is die hoedanigheid van immoreel, onsedelik wees; ontug, sedeloosheid, onsedelikheid. In stryd met die goeie sedes; onkuis (Odendaal, 1997:432). En weereens, die teenoorgestelde betekenis van moraliteit of sedelikheid.

- **Verval:** Hierdie woord beteken veel meer as net val; dit dui op iets erger, amper iets dekadent of iets "hopeloos" wat aan die val is. Die HAT

woordeboek verwys na agteruitgang, verwaarlosing, vermindering in mag en aansien, ŉ toestand van geen onderhoud, verswakking, terugval, geldigheid of waarde verloor (Odendaal, 1997:1273). ‘Agteruitgang’ word verder gedefinieer as “verslegting in sake, gesondheid, ensomeer”, terwyl ‘terugval’ weer beteken “terugtrek, agteruit beweeg, retireer”. Volgens Kavanagh (2007:302) beteken ‘verval’ die geleidelike en konstante verloor van krag en waarde. In die geval van hierdie studie, sal dit verklaar kan word as die konstante verloor van krag en waarde van goeie sedes en gewoontes wat uiteindelik in ’n toestand van geen onderhoud verval.

- **AGS van SA:** Die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS) is deel van die wêreldwye Pinksterbeweging wat ontstaan het in die 20ste eeu. In Suid-Afrika is die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS) die oudste en by uitstek die grootste Pinksterkerk (Burger & Nel, 2008:01). Soos wat die werk in die Kaap vergroot het, het daar met die uitbreiding van die AGS steeds meer distrikte ontstaan. Namakwaland het die Noordwes-Kaap Distrik gevorm, waarvan Upington steeds deel uitmaak (Burger & Nel, 2008:149). Dr. JJ la Poorta was die AGS Kleurlinggemeente te Upington se eerste pastoor vanaf 1977 tot 1982. Die navorser is sedert 1 Januarie 2008 pastoor van hierdie gemeente.

## 1.3 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

### 1.3.1 Agtergrond

Oor die algemeen in die Suid-Afrikaanse gemeenskap, en in besonder in die kerk, word daar tekens van ernstige sedelike en morele verval onder die jeug waargeneem. Die jeug in die Noordkaap en spesifiek in die Upington omgewing, word veral hierdeur geraak. Soos hierbo in die Inleiding vermeld (paragraaf 1.1), het die verskynsel van morele verval in die AGS Gemeente Rehobot my geweldig begin hinder. Dit was lank nie meer ŉ geheim nie. Volgens die plaaslike koerante (Jones, 2010:5) gaan dit maar sleg hier in ons omgewing:

- “Seun (16) met bottelkop en mes deur ŉ 16-jarige by skool gesteek”.
- “Die polisie hier ondersoek tans ŉ saak van verkragting nadat ŉ vrou (83) deur ŉ 15-jarige seun verkrag is”.
- So kan daar verwys word na die onrusbarende verskynsel van die verkragting van kinders en jong vroue, soos die wêreldbekende berig in die nasionale koerante van “Baba Tshepang” wat deur vier mans verkrag is (Van der Berg, 2011:9) en die verkragting van ŉ 9-jarige dogtertjie toe daar vir haar geld belowe was en sy saam met haar verkragter huis toe gegaan het (Jones, 2018:3).
- Skokgolwe het deur Upington gegaan na die skietvoorval van ŉ 15-jarige seun van een van die bekende Hoërskole in die dorp (Jones, 2018:1).

Hierdie tipe morele vergrype dui op die ergste graad van sedelike verval, en dit het juis vir Upington wêreldbekend gemaak – weens al die verkeerde redes.

Ook in Suid-Afrika het ons te doen met uiterste vorms van armoede en lyding as gevolg van verskeie faktore, soos historiese agterstande, siekte-epidemies, morele verval, werkloosheid en oorbevolking (Crafford, 2015:14). Die vraag is dus: Wat moet die kerk se rol in noodleniging wees? Eers wanneer die kerk direk betrokke raak by die noodleniging aan slagoffers van armoede en ongelykheid, sal dit kredietwaardigheid in die gemeenskap verdien en kan dan eers met gesag oor die moreleverval in die omgewingingryp.

Alvorens ŉ mens egter die rol en taak van die kerk kan bepaal, moet die navorser allereers ŉ aantal navorsingsgerigte vrae vra (Osmer, 2008:4), waarvan die eerste een die beskrywend-empiriese vraag is: ***Wat is hier aan die gang?*** Die voorvalle van geweld en sedelike verval kom meer en meer gereeld voor, en dus die noodsaaklikheid van navorsing daarmee saam. Volgens Osmer (2008), sal die eerste taak van die navorser weesom die waarnemings te beskryf en empiries vas te stel wat besig is om te gebeur in hierdie omgewing, en daarna meer spesifiek, in hierdie gemeente. Sodoende word die probleem geïdentifiseer en kan daarvandaan besluit hoe om die probleem aan te pak.

Die opvolgvraag, volgens die navorsingsmodel van Osmer (2008), vra in die tweede plek: "***Waarom*** gebeur hierdie dinge in die gemeente en in Upington, in die algemeen?". Die inligting wat uit die empiries-beskrywende vraag nommer eenvoortvloei, word gebruik om deur middel van interpretasie hierdie tweede vraag te beantwoord. In ŉ oorsigtelike literatuurstudie word verder onderneem om vas te stel wat ander navorsers en outeurs gevind het rakende waarom jeugdiges afwyk van die gebaande weë van die gemeenskap waarin hulle groot geword het. Hierdie inligting sal ook met die interpretasie van die data help. Die derde vraag ondersoek die vraag:***"Hoe behoort dinge te wees?"***, en behels 'n ondersoek na die Skrifperspektiewe op die navorsingsvraag. Die laaste vraag soek dan die antwoord:***"Wat gaan ons hieromtrent doen?".*** Soos in die res van hierdie hoofstuk duidelik sal word, is die verhandeling in sy geheel volgens hierdie vrae ingerig, terwyl die outo-etnografiese narratiewe styl of vertelling deurgaans as beskrywingsmetode gebruik word. Die rede vir die keuse van die outo-etnografiese styl is omdat die navorser self so intens by die gebeure betrokke is en feitlik as "deelnemer-waarnemer" die hele verhaal beleef.

### 1.3.2 Probleemstelling

Die probleem wat aanleiding gegee het tot die aanpak van hierdie studie, is die feit dat toenemende sedelike verval onder die jeug van die AGS Rehobot-gemeentein Upington waargeneem is, en dat dit so spoedig moontlik bestudeer en gehanteer moet word, sodat die kerk spesifiek, en die gemeenskap in die algemeen, riglyne kan ontwikkel om hierdie gedrag te voorkom.

Die meeste Christelike kerke in die Suid-Afrikaanse konteks word gekonfronteer met die nasionale probleem van geweld en sedelike verval onder die jeug, want hulle (die kerke) is dié wagters wat moet oplet en uitkyk dat die waardes wat deur God neergelê is, beskerm word. Volgens Biskop Desmond Tutu (2004:6) het Suid-Afrikaners ŉ aardskuddende ontdekking gemaak dat hulle almal net mense is en dat hulle eintlik almal min of meer dieselfde dinge wil hê: ŉ aangename gesinslewe, ŉ mooi huis, ŉ veilige woonbuurt, ŉ vaste werk, goeie skole vir hul kinders, en so

meer. Herman (2010) stel dit ietwat anders deur te noem dat mense in ŉ gemeenskap vír mekaar beskikbaar moet wees en mekaar moet bystaan in nood. Volgens Herman (2010), is ‘n morele gemeenskap ŉ stabiele gemeenskap met ŉ toekomsverwagting.

Met die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in 1994, het daar ŉ einde gekom aan apartheid en diskriminasie ten opsigte van velkleur, en ŉ nuutgevonde vryheid het vir alle Suid-Afrikaners aangebreek. Dit is vermoedelik juis hierdie nuutgevonde vryheid wat aanleiding gegee het tot ŉ heelwat groter dilemma, naamlik dié van losbandigheid en permissiwiteit wat uitloop op ŉ algemene gesindheid van morele verval. Iets ernstigs is ooglopend verkeerd, want daar is van oral oor versoeke, vanaf landsburgers en in besonder van geestelike leiers regoor die land, dat ons land radikaal moet verander; dat dinge in ons land nie reg is nie en dat dinge geweldig verkeerd loop.

Geestelike leiers het gebedsaamtrekke begin reël om bekommerde mense te bemoedig: “Christene het gister in hul duisende na die allerheiligste plek van die Suid-Afrikaanse regering opgeruk om te pleit dat dinge in die land radikaal moet verander” (De Villiers, 2010:1). “Predikers het gepleit dat “goddelose wette” verander word. Mense is opnuut aangemoedig om hulle te bekeer” (De Villiers, 2010:1).

Uit die literatuur is dit ook duidelik dat daar ernstige morele verval in Suid- Afrika voorkom, waarvan die jeug die ergste daardeur geraak word. Die jeug weet nie hoe om hierdie vryheid te hanteer nie. Retief (2010:6) verwys na ŉ voorbeeld: “Die lewe van ŉ tweeling, Sharonize en Shadré Kardom (18), van Beaufort-Wes Hoërskool was nie maklik nie. Retief (2010:6) haal die volgende woorde van die twee jongmense aan: "Onshet uitgehaak – ons was kwaad vir die wêreld”. Hymeldverder: “As dit nie vir hul ma, vriende, familie en onderwysers was nie, was dié twee vandag deel van die vervalle jeug” (Retief, 2010). Die toestand van die land se jongmense, hulle houding, gesindheid en ingesteldheid, spreek dus boekdele.

Vorige geslagte se jongmense was glad nie aan soveel uitdagings as vandag se tieners blootgestel nie. Min mense besef hoeveel keuses hulle op ’n gereelde basis moet maak – dikwels lewensbelangrike keuses. Ongelukkig kan hulle nie in ’n kokon

toegedraai en weggehou word van hierdie dinge nie. Daarom is die ongeveer 18 jaar wat ouers hul kinders in die huis het, van onskatbare waarde om hulle die nodige leiding te gee, sê Stoltz (2015:22) – Leiding worddeur die ouers se optrede, liefde en tyd bekragtig. Tieners het aandag nodig, en hierdie aandag,gaanStoltz verder,word gespel: T-Y-D (Stoltz, 2015:22).

Die jeug van vandag word deur sommige mense as die sogenaamde "born-frees" beskryf(Debora Patta, 3rd degree@e.tv.co.za), omdat van hulle eers na die eerste demokratiese verkiesing in 1994 gebore is. Die vraag is egter: "Is hulle regtig wel vry?", want tallejeug sit in 'n gevangenis wat nie met hande gemaak is nie. Volgens Collins (2005:9),is die kerk veronderstel om 'n'genesende gemeenskap' te wees – dit word bevestig in die boek van Handelinge. Hierdie 'genesende gemeenskap' is gewoonlik groepe mense wat gekenmerk word aan die genesing van sielkundige-, gedrags- of geestelike kwale. Die jeug van die AGS Rehobot-gemeentemoet vrylating gebied word vanuit hierdie gevangenskap van morele verval wat onder hulle posgevat het, soos die geval was in die VSA (Collins2005:9).

Met die aanvang van hierdie studie, het statistiek soos ontvang vanaf die Departement van Sosiale Ontwikkeling in Upington (Siyanda Kantoor/Upington Streekkantoor) vir die laaste tydperk van 2012,getoon dat daar reeds 26 jeugdiges (12 – 18 jaar) skuldig bevind is aan verskillende vorms van misdaad wat strek vanaf geringe tot geweldsmisdaad. Volgens die Marie Stopes Kliniek in Upington, is die aantal aborsies vir die onderdomsgroep van 12-18 jaar in die tydperk vanaf 1 Januarie 2010 tot 31 Oktober 2010,aangedui as 26, waarvan die jongste pasiënt slegs 13 jaar oud was. Aangesien die AGS Rehobot-gemeente'n deel uitmaak van die Upington gemeenskap, raak hierdie statistieke, soos genoem deur die Departement van Sosiale Ontwikkeling en die Marie Stopes Kliniek in Upington, ook die jeug van hierdie gemeente. Die jeug van AGS Rehobot-gemeente woon, beweeg en is bevriend met vriende en familie wat hul juis skuldig maak aan allerhande vorms van sedelike verval. Daarom is dit seker verstaanbaar as van hierdie jongmense van die AGS Rehobot-gemeente ook in die versoeking is om in daardie greep van immorele gedrag te verval.*(Die rede vir die aanbied van hierdie ietwat verouderde statistiek is daarin geleë dat die navorser vanweë ernstige siekte ongeskik was om*

*op daardie stadium die studie te voltooi. Aangesien die teenswoordige statistiek ongeveer dieselfde tendense toon, het ons volstaan by die aanbied van die bogenoemde statistiese gegewens).*

Hierdie statistiek bewys verder dat talle jongmense letterlik reeds in 'n vervalle toestand is. Dit laat die volgende vraag ontstaan: Hoe toegerus is die AGS Rehobot-gemeentese jongmense wanneer dit kom by die hantering van sulke kwessies, soos bogenoemde morele verval? Die kerk is tog die somtotaal van gesinne, waarvan hierdie jongmense deel vorm (Smith, 2010). Collins (2005:2) vertel die storie van 'n predikant wat sê: "In die kweekskool het hulle ons nooit vertel dat soveel mense in nood verkeer nie. Hulle het ons nooit gewaarsku dat 'n predikant te doen gaan kry met kwessies soos gesinsgeweld, vader-dogter bloedskande, vrees, verwarring, selfmoord-dreigemente, homoseksualiteit, alkoholisme en 'n magdom ander probleme nie". Uit bogenoemde voorbeelde spreek daar duidelik 'n noodkreet dat ons jeug gered moet word, anders lê donker tye in die toekoms voor.

Hendriks (2004:19) bevestig dat die kerk 'n enorme rol kan speel wanneer dit kom by die ondersoek van vele probleme wat Suid-Afrika in die gesig staar; die kerk moet dus hierdie gemeenskapsprobleme op 'n holistiese manier benader:*"…the church can play a major role in addressing the numerous problems that confront us in Africa… (and)…that it should address the issues and problems of society in a holistic way…".*

Die staat behoort nie die rigting aan te gee ten opsigte van morele standaarde nie; dit is die rol van die kerk en daarom is dit belangrik dat die kerk haarroeping verstaan. Die kerk moet weereens haarvolwaardige plek binne die gemeenskap inneem. Die kerk moet relevant wees vir die tye waarin ons leef en die ellendige toestand van die gemeente, en daardeur ook die gemeenskap (huis en jeug) help herstel. Die Bybel (1983) verklaar dat "Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien…" (Hand. 2:17). Na aanleiding van hierdie Skrif, rus daar dus 'n ernstige verpligting op die kerk en van die gemeenskap, en moet die kerk eerstens besef dat hy'n heilige, sowel as voorbeeldige gemeenskap is; tweedens, dat die gemeente 'n waarskuwende, onderwysende gemeenskap is en

moet toetree tot die gesprek oor die vervalle gemeenskap, en in besonder, die verval van ons jeug.

Dit wil soms selfsvoorkom asof die staat die leidende rol wil neem in die daarstelling van moraliteit. Tydens die 2007-begrotingstoespraak, soos vermeld in die Vuk'uzenzele tydskrif(2007:14), het die destydse minister van Finansies, Trevor Manuel,gestel: "die begroting toon die staat se behoefte aan om armoede en ongelykhede te beveg, om meer werk te skep en om misdaad te bekamp…".

Die rol wat die kerk, veral die AGS Rehobot-gemeente, moet speel in die gemeenskap wat bedien word, is soos wat McClauley (2014:14) dit stel: "*In Africa, the church must face the responsibility of correcting its erroneous teachings. Spiritual leaders carry much authority in our communities and touch the lives of every strata of society. South Africa is changing, but we must continue to be vigilant … let it start with the church".*

Die navorser se waarneming is dat ernstige morele verval ten opsigte van verkragting, tienerswangerskappe, selfmoord, dwelmgebruik, mesmoorde, ensovoorts, in Upington oorgespoel het na die AGS Rehobot-gemeente, en dit wek geweldige kommer (sien verwysings na koerantberigte in paragraaf 1.1). Dit is nie die tipe gedrag wat binne die gemeente behoort te gebeur nie. In die lig van die noodkrete onder die jeug van die AGS Rehobot-gemeente, ontstaan die sentrale navorsingsvraag.

Daar is, sover vasgestel kon word uit die soektogte in die elektroniese databasis van NEXUS en die NWU se Biblioteekkatalogus, nog geen studie gemaak van die oorsake van die morele verval onder jongmense in hierdie streek (Upington) nie; dit tel ook vir binne die AGS kerk en meer spesifiek die Rehobot-gemeente. Daar bestaan wel literatuur wat die morele verval onder jongmense in die algemeen ondersoek en oplossings daarvoor aanbied (Dean *et al*., 2010; Mueller, 2006; De Vries, 2008; Robbins, 2004; De Vries, 2004). Hierdie studie wil op die leemte fokus wat in navorsing bestaan oor die bekamping van morele verval binne hierdie spesifieke streek (Upington),asook die spesifieke gemeente (AGS Rehobot).

### 1.3.3 Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag wat in hierdie studie aangepak word, issoos volg: **Hoe kan die AGS Rehobot-gemeente die ernstige morele verval wat onder die jeugdiges binne die AGS Rehobot-gemeente Upington voorkom, probeer vermy, stuit en omkeer?**

**Die vrae wat hieruit voortspruit is:**

1.3.3.1 **Wat** is in die gemeente en in die samelewing van Upington aan die gang met betrekking tot die ernstige morele verval onder die jeug?

1.3.3.2 **Waarom** is die jeug van die gemeente geneig om hulle besig te hou metsake wat ernstige morele verval bevorder? Watter ander faktore (sosiaal, kultureel, histories) dra by tot die agteruitgang ten opsigte van moraliteit?

1.3.3.3 **Hoe behoort** die jeug te lewe? Watter perspektiewe kan uit die Skrif verkry word wat die kerk se rol beskryf rakende hoe om ernstige morele verval onder die jeug te voorkom, te stuit en om te keer?

1.3.3.4 **Watter riglyne** kan aan die AGS Rehobot-gemeentegegee word om programme te ontwikkel om ernstige morele verval te voorkom, te stuit en om te keer?

## 1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.4.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie navorsing is om ʼn studie te doen oor die ernstige morele verval onder die jeug van die AGS Rehobot-gemeente, Upington. Die doel hiermee is verder om die inligting wat uit die studie verkry word te gebruik om sodoende met praktiese riglyne of strategieë vorendag te kom. Hierdie strategiee en riglyne kan gebruik word om die jeug te help om morele verval te voorkom, te stuit en om te keer, deur hulle te begeleiom uit hierdie moeras van sedelike verval uit te kom, en ʼn lewe tot eer van Christus, hulle Verlosser, te lei.

### 1.4.2 Doelwitte

**Die spesifieke doelwitte van die studie is om:**

- vas te stel **wat onder die jeug** van die AGS Rehobot-gemeente aan die gang is ten opsigte van hulle moraliteit;
- vas te stel **waarom die huidige situasie** rondom die moraliteit van die jeug van die AGS Rehobot-gemeente bestaan;
- vanuit bestaande literatuur te bepaal **waarom** ernstige morele verval onder die jeug in die algemeen voorkom, en veral onder gelowige kinders wat deel is van 'n gemeente en hoe die kerk dit kan voorkom, stuit en omkeer;
- riglyne uit die Skrif te ontgin vir kerke om morele verval onder die jeug te voorkom, te stuit en **om te keer**;
- vanuit die resultate van die voorafgaande navorsing **praktiese riglyne daar te stel** vir die ontwikkeling van programme in die AGS Rehobot-gemeente om ernstige morele vervalonder die jeug te voorkom, te stuit en om te keer.

## 1.5 NAVORSINGSPLAN EN METODOLOGIE

### 1.5.1 Inleiding

Van der Walt (2006:24) noem dat geen metode ooit 'n doel op sigself is nie. Dit is'n middel ter bereiking van 'n doel. Ons doel is en bly om die Bybel beter te verstaan; daarom word hierdie studie aangepak vanuit 'n Bybelse perspektief. Dit beteken dat die navorser as gelowige, die Skrif as vertrekpunt neem en dat die Bybelse insette die enigste bron van kennis is wanneer daar uitsprake gemaak moet word oor die sedelikheid of moraliteit van 'n spesifieke saak. Van der Walt (2006:22) verduidelik dat dit lewensbelangrik is om die regte perspektief op die Bybel en die Bybelfeite te ontwikkel, en dit is presies wat die vak 'Openbaringsgeskiedenis' wil doen. Van der Walt(2006:23) noem verder dat 'Openbaringsgeskiedenis' gaan oor feite, maar ook

méér as net die blote feite. Die feite wil vir ons iets sê. Hulle het 'n boodskap. Daar is ook natuurlik 'n duidelike verband tussen die feite plus'n onderlinge samehang.

Bo en behalwe hierdie vertrekpunt, word daar in hierdie verhandeling van 'n gemengde navorsingsmodel gebruik gemaak. Dit wordas 'n "gemengde model" beskou, want daar word ter wille van die verwesenliking van die doelwitte, eerstens van die (kwalitatiewe) outo-etnografiese narratief gebruik gemaak, tweedens van Osmer (2008) se vraag- en antwoord metodiek, en derdens van 'n (kwantitatiewe) vraelys en data-analise. Aangesien die navorser as pastoor van die AGS Rehobot-gemeente in Upington ook so intens betrokke is by die jongmense van die gemeente, gaan daar op outo-etnografiese wyse na die problematiek van die jeug in die gemeente gekyk word. Dit beteken dat die navorser self deeglik betrokke gaan wees in die hele navorsingsproses, en dat dit vanuit sy persoonlike perspektief bekyk gaan word. Die prosedure of navorsingsproses word gedryf deur die indringende vrae van Osmer (2008), om naamlik deur middel van persoonlike waarneming, outo-etnografiese narratief of vertelling, literatuurondersoek, en Skrifondersoek,navorsing te doen en tot 'n bevredigende slotsom en aanbevelings te kom. Die interpretasie van die data word in 'n latere hoofstuk gevind (sien Addendum).

Vooraf word hier egter eers kortliks verduidelik wat die outo-etnografiese benadering is; naamlik die vertelling vanuit die oogpunt en die waarneming van die navorser self, wat as pastoor van die betrokke gemeente, algaande bewus geraak het van die agteruitgang van die morele gedrag van veral die jongmense in die gemeente.

### 1.5.2 Die outo-etnografiese benadering

Die outo-etnografiese benadering is 'n analitiese of objektiewe persoonlike vertelling wat meesal handel oor die self of die skrywer/navorser, as deel van 'n groep of 'n kultuur. Dit handel dikwels oor 'n morele kwessie of 'n konflik van kulture, en kan selfs gerig word aan 'n gehoor waarvan die skrywer nie noodwendig self deel is nie. Die benadering word gewoonlik gevolg deur iemand, 'n skrywer of navorser, wat iets wil

verduidelik of verklaar aan ander, en wat na oplossings soek om die andersheid of verkeerdheid van die waargenome werklikheid reg te stel (Adams, 2015:12).

In die onderhawige studie het die navorser, aspastoorvan AGS Rehobot-gemeente in Upington, my waarnemings en emosies begin neerskryf, in die poging om by moontlike oplossings uit te kom en sodoende die proses van sedelike en morele verval in ons gemeente te identifiseer, te voorkom en te bekamp. Die aanslag van die outo-etnografiese metode is gevolg om die verloop van die studie te vergemaklik, en uiteindelik is die kwantitatiewe tegniek van analise en sintese van vraelyste gebruik om by meer presiese resultate uit te kom.

Volgens Adams (2015: 27), is ‘n outo-etnografie dikwels ‘n geleentheid om verskille of afwykings in gedrag van die binnekring af uit te beskryf, in ‘n poging om die self of die eie groep te sien soos wat ander mense hulle sien. In hierdie verhandeling is dit ook die navorser se doel om die vier vrae van Osmer (2008) te stel as navorsingsmetode,en om sodoende by antwoorde uit te kom oor hoe om die verskynsel van immorele en onaanvaarbare gedrag by die jeug in hierdie gemeente te verstaan en hok te slaan.

Volgens Maréchal (2010), is ʼn outo-etnografie ʼn vorm of metode van navorsing, wat self-waarneming en refleksiewe ondersoeke in die konteks van die etnografiese veldwerk en skryfwerk insluit. ʼn Ander bekende outo-etnografiese skrywer, Ellis (2004) definieer dit as navorsing, skryfwerk, stories, en metodes wat die etnografiese en die persoonlike inligting verbind aan die kulturele, die sosiale en die politieke aangeleenthede (Ellis, 2004:xix). Tog bly dit moeilik om konsensus te bereik oor ‘n definisie van outo-etnografie, aangesien dit sedert die 1970’s verander het van ‘n enger siening van *"insider ethnography",* waar die navorser ‘n lid was van die bepaalde kultuur waaroor die navorsing gehandel het, na ‘n wyer opvatting wat deesdae eintlik ‘n definisie vir die term moeilik maak (Ellingson & Ellis, 2008).

As gemeentepastoor, bedien en leef ek binne ʼn gemeenskap wat duidelike tekens toon van morele verval. Dit is juis hierdie waarneming en verval wat my as pastoor aan die hart gegryp heten daartoe aanleiding gegee het dat hierdie navorsing onderneem is. In ons gemeente kan ek duidelik sien hoe die jong seuns en dogters

die geneigheid het om die grenslyne te wil verskuif; hulle eksperimenteer graag en wil kyk hoe ver hulle die grenslyne kan versit en vir hoe lank hul daarmee kan wegkom. Dit het alles te make met die feit dat talle jongmense by ŉ enkelouer grootword. Hulle bly of by hul grootouers, net ‘n ouma of ‘n oupa, of by ‘n enkelouer, die pa of die ma.

In besonder binne die AGS Rehobot-gemeenteis deur my waargeneem, hoe swak sekere jongmense eredienste en ander geestelike aktiwiteite van die gemeente bywoon; maar hulle sal ure van hul tyd voor die televisie of op sosiale media spandeer. Hul vingers is goed geoefen om die knoppie op die afstandbeheertoestel en selfoon te druk. So word hulle op ŉ vroeë ouderdom reeds blootgestel aan seks in rolprente. Ek sien ook hoe ons jongmense sonder die Bybel kerk toe loop,maar eerder verkies om die Bybel op die selfoon te gebruik. Dit laat my wonder of hulle wel die Skrif lees.

Talle jongmense is ook betrokke in vaste verhoudings. Dit is duidelik dat hulle reeds vroeg seksueel aktief raak en totaal en al behep is met seks; hulle begin alreeds op ŉ vroeë ouderdom eksperimenteer daarmee. Van die tieners in die gemeente het al swanger geword. Party het al ‘n kind verwek, ŉ ander een het ŉ miskraam gehad, en daar was ook een wie se kindjie slegs drie dae na geboorte oorlede is.

Die grootste euwel in ons gemeenskap, is die kwessie van die misbruik van wyn en alkohol. Die jongmense word daagliks daaraan blootgestel, juis omdat daar letterlik daagliks by huise en op die hoeke van strate gesit en drink word. Dit is daarom geen verrassing dat vele jongmense reeds op ŉ vroeëouderom ook daarmee begin eksperimenteer het nie. Binne die gemeente is daar ook vele ouers wat self met ŉ drankprobleem sit. Die kinders leef en beleef eerstehands die effek van alkoholmisbruik in hul huise.

Naas alkoholmisbruik, kan ‘ŉ mens ook duidelik sien hoe die jongmense van kleins af begin rook. Sigarette en die gebruik van die okkapyp word as ŉ alledaagse gewoonte gesien. Kinders het geen vrees vir verslawing nie. By sosiale funksies en selfs by huispartytjies in die woonbuurt, is daar gereeld groepe van jeugdiges wat

openlik sit en aan die okkapyp rook. Sterker bymiddels soos pille of tik word ook by die okkapyp gevoeg sodat dit ‘meer skop’ kan gee.

Dwelmgebruik en -verslawing neem by die dag toe. Van die jongmense wat waargeneem is, eksperimenteer en gebruik veral dwelms soos dagga en tik. ŉ Mens kan aan hulle liggame die tekens sien dat hulle daarmee doenig is; hulle oë en littetekens aan hulle arms en hande, verraai hulle betrokkenheid by dwelmmisbruik. Selfs die skole binne dieselfde woonbuurt waar die gemeente geleë is, sit met die hande in die hare oor die misbruik van dwelms. Jongmense wat hierdie middels gebruik, se gedrag is dikwels een van opstandigheid, frustrasie en die behoefte na geld om vir hul voorraad te koop. Daar is ŉ gedurige bakleiery onder jong seuns en vele van hulle is selfs by bendes betrokke. Huisartikels word gesteel en verkoop net om geld in die hande te kry. Dit lei tot verdere konflik tussen ouers en kinders in die huis(Mieliestronk, 2018:3).

Die ouerhuis as veilige hawe en tuiste, het verval omdat daar nie meer rustigheid en stabiliteit binne die huis is nie. Binne die gemeente en die gemeenskap self,is daar enkelouergesinne en afwesige-ouer huishoudings, veral die afwesige pa-figuur. En selfs al is die ouers albei daar, is die onbetrokkenheid van die ouers by hulle kinders aan die orde van die dag. Dit alles het daartoe gelei dat daar dikwels geen liefde en intimiteit tussen ouers en kinders meer is nie. Die ouers binne die gemeente en gemeenskap moet ure lank werk net om ŉ brood op die tafel te sit. Die lewe in die gemeenskap is hard en moeilik, en armoede en sosiale druk rus swaar op die ouers. Daar is dus nie regtig meer tyd vir hulle om hul aandag voluit aan hulle kinders te gee nie. Die jammerlike gevolg van hierdie stand van sake,na my waarneming, is dat die totale morele stramien van die gemeenskap besig is om geheel en al te verdwyn.

Osmer (2008) se benadering is daarom gevolg om die navorsingsprobleem wetenskaplik aan te bied en in ‘n bepaalde struktuur te verpak.

### 1.5.3 ’n Kwalitatiewe benadering: Osmer se Model (2008)

Die vier kerntake van Osmer (2008:4), wat gereeld in die Praktiese Teologie na aanleiding van sy vrae, Wat? Waarom? Wat behoort? En hoe behoort dit? voorkom,gaan gebruik word, en word voorts in ’n figuur voorgestel en daarna bespreek. Die volgorde van die hoofstukke in hierdie navorsingsverslag gaan hierdie patroon aanneem, en dit wyk dus ietwat af van die gewone styl waarin verhandelings georden word. Hoewel die take oënskynlik op mekaar volg, hoef dit nie noodwendig in daardie volgorde te verloop nie. Die hoofstukke is ter wille van orde sodanig gerangskik.

**FIGUUR 1.1 OSMER (2008) SE MODEL**

| **TAAK** | **DESKRIPTIEF-EMPIRIES** | **INTERPRETATIEF** | **NORMATIEF** | **PRAGMATIES** |
|---|---|---|---|---|
| **BESKRYWING** | Die versameling van inligting, wat help om te onderskei tussen gedrag en die dinamika van groepe in ’n situasie | Ondersoek na teorieë wat help om die betrokke situasie beter te verstaan | Die gebruik van teologiese konsepte om die situasie beter te kan interpreteer en sodoende morele gedrag te kan bepaal | Bepaal strategieë van aksie wat die situasie op ’n positiewe wyse kan beïnvloed |
| **VRAAG** | Wat gaan hier aan? | Hoekom gaan dit aan? | Hoe behoort dinge te gaan? | Wat kan ons doen om gedrag te verander? |

In die **eerste plek,** is die doelwit om te probeer vasstel **WAT** onder die jeug van die AGS Rehobot-gemeente aan die gang is, ten opsigte van hulle moraliteit. Dit sal gedoen word aan die hand van Osmer (2008:4) se indeling deur middel van waarneming en beskrywing van die voorkoms van morele verval wat onder die jeug in die gemeente opgemerk is. Dit word deur middel van die outo-etnografiese

metode vertel, waar die navorser gekontroleerd sy eie waarnemings neerskryf en bespreek. Verder sal dit ook dié waarnemings toets aan die hand van vroeëre afgehandelde navorsing. Osmer (2008:5) stel voor dat hierdie inligting informeel (kwalitatief) binne die gemeente bekom word, want sodoende kan patrone en dinamiek geïdentifiseer word. Daar sal ook van ’n kwantitatiewe navorsingsmetode gebruik gemaak word, waartydens inligting deur middel van vraelyste ingesamel is. Deur middel van die kwalitatiewe en kwantitatiewe vraelyste en die interpretasie van die inligting daaruit verkry, sal die deskriptiewe en interpretatiewe taak daarna, volgens Osmer se metode, verrig word.[1]

In die **tweede plek,** is dit die doelwit om te bepaal **WAAROM**sedelike verval onder jeug in die algemeen voorkom, en veral toeneem onder gelowige kinders wat deel is van ’n gemeente. Hiervoor sal ’nliteratuurstudie onderneem word, wat deel maak van die deelwetenskappe. Sodra die belangrikste patrone en dinamiek in die optrede van die jeug geïdentifiseer is, kan die volgende stap, naamlik ’n meer gestruktureerde en toegespitste ondersoek, gedoen word.

In die **derde plek,** moet daar na die normatiewe riglyne gekyk word, soos wat deur die Skrif vertolk word aangaande die rol wat die kerk in die hantering van hierdie kwessie speel – naamlik **HOE** om moraliteit en jeug –uit te lig. Teorieë uit die deelwetenskappe kan egter net beperkte lig op die onderhawige saak werp. As lidmate van die kerk van Christus is daar dieper vrae wat beantwoord moet word, naamlik, wat veronderstel is om aan te gaan in die lewens van die jeug ten opsigte van hul geloof en hul waardes; wat kan die lidmate andersins doen in reaksie op hierdie gedrag? Hierdie vrae lê aan die wortel van die normatiewe taak van die Praktiese Teologie (Osmer, 2008:8). Hiervoor sal ‘n openbarings-historiese studie van toepaslike Skrifgedeeltes gedoen word.

---

[1] Die navorsing is reeds in 2010 voltooi. Die voltooiing van die dissertasie het om verskeie persoonlike en administratiewe redes etlike jare geneem.

Vervolgens, in die **vierde plek,**word alle inligting wat in die vorige hoofstukke verkry is geïntegreer, en daaruit word riglyne op getrek wat kan aanedui hoe die AGS Rehobot-gemeente programme **KAN ONTWIKKEL** om ernstige morele verval onder die jeug te voorkom, te stuit en om te keer. Hiermee sal die pragmatiese taak volgens Osmer se metode verrig word.

### 1.5.4 ’n Kwantitatiewe benadering: Die Vraelys

Die onderskeie tipes benaderings tot navorsing verwys na die verskillende maniere om na die werklikheid of na spesifieke objekte in die werklikheidte kyk – maniere om waar te neem, te meet en sosiale realiteite te verstaan. Volgens Neumann (2000:122), *"…they all start looking at reality from different positions, but end up looking at the same thing or saying the same thing"*. Leeds, soos aangehaal deur De Vos *et al*. (2000:15), beweer *"…the nature of the data to be collected and the research problem, dictate the research methodology".*Leeds identifiseer kwantitatiewe navorsingsmetodologieë as metodes wat werk met data wat hoofsaaklik numeries van aard is, en kwalitatiewe navorsingsmetodologieë as die metodes wat hoofsaaklik met verbale data en woorde werk (De Vos *et al*., 2000:15).

Die aard van sommige data wat in hierdie navorsing bymekaar gemaak gaan word, het die navorser laat besluit om, benewens die beskrywing en vertelling, ook van ’n kwantitatiewe benadering gebruik te maak. Vervolgens word beskryf hoedanig hierdie waarnemings gedoen word en hoe die data ingesamel en geïnterpreteer is om te bepaal of die navorsingsprobleem waar is, en of dit slegs ‘n wanpersepsie is.

Aldus Mouton (1985:160), is daar drie noodsaaklike komponente wat in navorsing aanwesig is, naamlik konsepte, hipoteses en waarneming:

- *Konsepte* is die mees elementêre, taallike konstruksies waardeur die mens die werklikheid klassifiseer en kategoriseer; konsepte is die versamelname wat gebruik word om sekere stukkies ervaring mee te etiketteer.
- *Hipoteses* kan beskryf word as verwagtinge of stellings oor geantisipeerde bevindinge.

- *Waarneming* kan omskryf word as daardie handeling waardeur die navorser inligting uit sy omgewing registreer.

Die geldigheid van hierdie navorsing sal getoets word deur ŉ kwantitatiewe benadering te volg, met behulp van voorafopgestelde, gerekenariseerde vraelyste wat deur respondente voltooi moetword, om ŉ bepaalde struktuur oor die waarneming van sedelike verval te transponeer. Mouton (1985:159) beskryf die kwantitatiewe benadering as daardie benadering in geesteswetenskaplike navorsing wat meer geformaliseerd, sowel as eksplisiet gekontroleerd is.

Nog ‘n manier om ‘n kwantitatiewe ondersoek te definieer, is soos aangehaal deur Maree (2007:145): *“Quantitative research is a process that is systematic and objective in its ways of using numerical data from only a selected subgroup of a population to generalize the findings to the population that is being studied”.*Hierdie kwantitatiewe empiriese navorsingsondersoek sal in die AGS Rehobot-gemeente te Progress, Upington gedoen word. Geografies val Upington in die //Khara Hais Munisipale gebied van die Noordkaap.

ŉ Kwantitatiewe ondersoek word gekies om soveel as moontlik respondente in die navorsing te gebruik om ŉ ware weergawe van die stand van moraliteit onder die jeug binne die gemeente te verkry. Mouton (1985:164) skryf dat kwantitatiewe waarneming daaraan gekenmerk word deurdat dit meer objektief is, en die konteks van die navorsing sover moontlik gekontroleer word. Die navorser probeer om ŉ bepaalde struktuur as’t ware oor die verskynsel te transponeer. Die navorser kyk meer van ŉ afstand af na die verskynsel, want hy gaanvan die veronderstelling uit dat, indien hy deel van die te bestudeerde proses is, hy as gevolg van hierdie betrokkenheid sake te veel uit ŉ egosentriese oogpunt mag beskou. *“The quantitative approach, which is based on positivism, will be used in this study. Commonly, quantitative researchers use a deductive form of reasoning. It begins with a well-established theory from which hypotheses are deducted in order to predict what the findings will be”* (Neumann, 2000:34).

In hierdie studie word 'n opname van kwantitatiewe aard gedoen en die navorsingsmetode om data mee in te samel, is 'n vraelys. Hierdie navorsingsontwerp stel die navorser in staat om meer vrae in 'n korter tyd gevra te kry, selfs al is die steekproefgrootte, in terme van die respondente, redelik groot. 'n Ewekansige steekproeftegniek sal gebruik word om respondente te selekteer wat dieselfde eienskappe toon as die omliggende bevolking. 'n Navorser wat van die kwantitatiewe metode gebruik maak, kies dikwels 'n teikengroep of kleiner groep respondente uit 'n uitgesoekte groep mense, maar veralgemeen dan die resultate om die groter groep waaruit die respondente gekies is, te beskryf. Hierdie metode van opname of verkryging van data, maak die meting en beskrywing van die omvang en intensiteit van morele verval in die kerk van die AGS Rehobot-gemeente en die omliggende gemeenskap in Progress, Upington, moontlik. Sodoende word berekening, meting, en analise van data statisties geldig en betroubaar moontlik gemaak (Neumann, 2000:34).

Aan die einde van die data insamelingsproses, gaandie resultaat deur middel van statisties-analitiese metodes geanaliseer, waarna die interpretasie van die resultate gedoen sal word. Kwantitatiewe data-analise en interpretasie is primêr deduktief, waardeur die hipotese of aanname wat uit 'n algemene stelling ontwikkel is, aanvaar of afgekeur word. Daarom, wanneer die navorsingsresultate weergegee word, gaandie bevindinge bespreek word in 'n erkende formaat, waaruit die mate van bevestiging of verwerping van die navorsingsvraag duidelik sal blyk (Babbie & Mouton, 2001:470; De Vos *et al*., 2000:241; Neumann, 2000:422;en Seaman, 1987:169).

### 1.5.5 Navorsingsontwerp

De Vos *et al.* (2000:99) verwys na 'n navorsingsontwerp as 'n padkaart. Dit beskryf die roete wat die navorser neem om die navorsingsvraag te beantwoord en die navorsingsdoelwitte te bereik, en sluit die data insamelingsmetodes, metodes van data analise en die interpretasie daarvan, in.

- **Data insameling**

ŉ Opname is ŉ proses waardeur navorsers ŉ navorsingsprobleem opstel in ŉvraelys, en dan word hierdie vraelys gebruik om deur middel van respondente, data te versamel. Die data word dan gebruik vir beskrywende, verklarende en ondersoekende doeleindes. Die opnames in hierdie navorsing sal gebruik word vir die doeleinde van beskrywing. Dit mag die aantal kere wat iets gebeur bepaal, of die aantal kere (die frekwensie) waarmee een voorval met ŉ ander geassosieer kan word. Die eenheid van analise in hierdie navorsing is die morele verval onder die jeug in die bogenoemde beskrewe gemeente, tussen die ouderdomme van twaalf (12) en agtien (18) jaar oud. Babbie en Mouton (2001) beweer dit is die beste metode vir die insameling van oorspronklike data vir die beskrywing van die eienskappe van die breër bevolking, wat té groot is om direk waargeneem te word.

De Vos *et al*. (1998:166) beskryf die basiese doelwit van 'n vraelysas ŉ wyse om feite en opinies aangaande ŉ bepaalde verskynsel te verkry van mense wat ingelig is oor die bepaalde saak of verskynsel. Daarom isdaar in hierdie navorsing juis gebruik gemaak van vraelyste wat uitgereik wordaan jongmense tussen die ouderdomsgroep 12 tot 18 jaar, wat juis midde in die situasie leef. The New Dictionary of Social Work (1995:51) definieer vraelyste soos volg: *"as a set of questions on a form which is completed by the respondent in respect of a research project".*Vir hierdie navorsing sal slegs 60 respondente gekiesword, aangesien hierdie respondente deel uitmaak van AGS Rehobot-gemeente, waarvan 30 seuns en 30 dogters sal wees. Hul word soos volg geselekteer: 5 seuns en 5 dogters vir die ouderdomsgroep12 tot 13 jaar; 10 seuns en 10 dogters vir die ouderdomsgroep 14 – 15 jaar; en 15 seuns en 15 dogters vir die ouderdomsgroep16 tot 18 jaar. Hierdie seuns en dogters moet hul emosies en persepsies kan weergee. Meer respondente word geselekteer vir die ouderdomsgroep 16 tot 18 jaar, aangesien hul meer vryheid het om rond te beweeg, nie meer so direk onder die ouers se toesig staan nie, en reeds allerleie ervaringe opgedoen het, en dus aan allerhande versoekings blootgestel was. Dit word bevestig deur Keegan (2004:1) wanneer hy vermeld: *"A major advantage of using the survey as a quantitative approach to research is that the data can be collected from the respondents in their natural setting".*In hierdie navorsing is die data versamel onder

die jeug van die AGS Rehobot-gemeente in Progress, Upington. So ‘n vraelys is ook ekonomies van aard omdat die aantal vraelyste met data maklik ingesamel kan word. ‘n Swakpunt van die vraelys is egter dat navorsers dit tog moeilik mag vind om die volle omvang van die totale lewensituasie waarin die respondente leer en beweeg met net ‘n kleiner groep te bepaal (Keegan, 2004:1; Babbie & Mouton, 2001:263 en Seaman, 1987:182).

Holliday (2007:3) sluit by bogenoemde outeurs aan wanneer hy sê dat daar welbekende probleme is met vraelyste; byvoorbeeld, hoe die aard van die vrae die stemming van die antwoord beïnvloed; in hoeverre die mense die waarheid praat wanneer hulle die vrae beantwoord; in watter mate hulle die vraag in elk geval verstaan; in hoeverre die sosiale impak van ŉvraelys die persepsie beïnvloed. Clough en Nutbrown (2002:144) stel ook voor dat, hoewel vraelyste navorsers in staat stel om ‘n populasie van mense kan waarneem of bestudeer, met min of geen persoonlike interaksie nie, en met die doel om ‘n groter prentjie te sien van hulle ondervinding of opinies, is dit onwaarskynlik dat ‘n vraelys die diepte van die insigte en ondervinding in die fynste besonderhede kan ontbloot.

- **Die vraelys as data-insamelingsinstrument**

ŉVraelysis gebruik as die mees geskikte data-insamelingsinstrument vir hierdie navorsing, want dit gebeur dikwels in die Sosiale Wetenskappe dat veranderlikes geoperasionaliseer word wanneer die navorser vrae begin vra as ‘n manier om data te bekom vir analise en interpretasie.

Die gebruik van die vraelys het die navorser in staat gestel om inligting te bekom van die geselekteerde groep jongmense. Die data wat ingesamel is, het ingesluit die geslag, ouderdom, huistaal, skoolbesoek, kerkbywoning, en buitemuurse aktiwiteite. Die navorser het persoonlik die vraelyste aan die respondente in die kerksaal van die AGS Rehobot-gemeenteuitgedeel, en dit is anoniem deur die respondente self voltooi. Hulle is gevra om vrywillig aan die navorsing deel te neem deur die vraelys te voltooi. Al die deelnemers het persoonlik en privaat ŉ brief ontvang waarin verduidelik is wat die doel van die navorsing was, met die versoek dat hulle aan die

studie deelneem deur die vraelys te voltooi. Die versekering is aan die respondente gegee dat hulle deelname aan die navorsing met streng vertroulikheid gehanteer sal word. Instruksies is ingesluit in die brief oor hoe die vraelys voltooi moet word. Die naam en telefoonnommers van die navorser, sowel as die naam van die Noordwes Universiteit verskyn op die vraelys om die geldigheid van die navorsing te bevestig. 'n Groot voordeel van hierdie metode is dat die navorser 'n goeie reaksie met 'n hoë deelname ratio kan verwag. Dit kan egter gebeur dat wanneer die navorser persoonlik die vraelys hanteer en uitdeel en wag dat die respondente dit voltooi, dat van die respondente vrae ter verduideliking van sommige vrae op die vraelys kan vra, en dit mag die resultaat beïnvloed. Dit is ‘n nadeel van hierdie metode, en die navorser moet uiters versigtig wees dat dit nie gebeur nie (Babbie en Mouton, 2001:265).

- **Die samestelling van die vraelys**

Die vraelys bevat duidelike instruksies oor hoe om die vrae te hanteer en te beantwoord. Oop-einde en geslote-einde vrae is ingesluit in die vraelys. Die geslote-einde vrae is gebruik omdat dit vir die respondent makliker en vinniger is om te beantwoord. Die antwoorde van hierdie vrae is makliker om te kodeer en te analiseer. 'n Nadeel van die gebruik van geslote-einde vrae is dat dit die respondente verplig om simplistiese antwoorde te gee vir ingewikkelde kwessies. Die oop-einde vrae is ingesluit omdat dit die respondente toelaat om kreatief te dink en hulleself beter uit te druk in hulle antwoorde op die vrae. Die navorser het seker gemaak om nie te veel oop-einde vrae te vra nie omdat dit tydrowend kan raak om te beantwoord en ook makliker foute kan laat insluip in die beantwoording van die vrae (Neuman, 2000:261).

Die respondente sal skriftelik die voorafopgestelde vrae beantwoord. Sekere vrae het opvolg-vrae gehad. Hierdie vrae is spesifiek ingesluit om meer inligting oor ‘n respons op ‘n vorige vraag of vrae te verkry. Dit help om in-diepte inligting en kennis oor die navorsingsprobleem te verkry, en dit is ‘n algemene praktyk by navorsers om dit so in vraelyste te gebruik (De Vos *et al*., 2000:165).

Dowling en Brown (2010:72) beweer dat die aanloklikheid en voordeel van die vraelys daarin geleë is dat wanneer die navorser eers die inligting wat hy/sy gesoek het, geïdentifiseer het, dit relatief maklik lyk om 'n lys van vrae te konstrueer wat reguit op die kern van die saak afstuur – dit word dan by die gekose respondente afgelewer om te voltooi en terug te gee op hul eie goeie tyd. Die voordele van die gebruik van vraelyste is dat:

- daar met jong kinders gewerk word;
- respondente vraelyste in 'n kort tyd kan beantwoord (30 minute maksimum);
- vraelyste deur 'n administrateur gekontroleer kan word vir akkuraatheid;
- die metode relatief goedkoop is en maklik om te gebruik;
- respondente onmiddellik bygestaan kan word deur die fasiliteerder indien vrae onduidelik is.

Tinson (2009:91) stel voor dat wanneer 'n papiergebaseerde kwantitatiewe benadering gebruik word, dit aantrekliker mag wees as verskillende kleure papier gebruik word. Kinders, ongeag hulle ouderdom, kan nogal beïnvloed word deur kleur.

- **Steekproefneming**

Die doel van steekproefneming is om 'n stel elemente uit 'n populasie op so 'n manier te kies, dat beskrywings van daardie elemente noukeurig die eienskappe van die totale bevolking, waaruit die elemente gekies is, kan uitbeeld. Daar is verskeie benaderings tot steekproefneming. In hierdie navorsing is die kwantitatiewe benadering gebruik, soos voorgestel deur Neumann (2000:195) en Seaman (1987:236).

- **Kwantitatiewe steekproefneming**

Die gekose metode van kwantitatiewe navorsing vra aan 'n verteenwoordigende steekproef van mense, dieselfde geskrewe vrae aangaande hulle menings, waardes en oortuigings. Kwantitatiewe navorsers se doel is om 'n verteenwoordigende steekproef te verkry uit 'n veel groter populasie. Waarskynlikheid-steekproefneming, ook bekend as ewekansige steekproefneming, verhoog die waarskynlikheid om hierdie doel te bereik en voorsien ook metodes vir die skatting van die graad van moontlike sukses.

In hierdie navorsing het die navorser 'n kleiner groep jongmense uit die AGS Rehobot-gemeente bestudeer. Hulle is verteenwoordigend van die groter groep/populasie uit die gemeenskap van die voorstad, Progress, Upington, waaruit hulle geselekteeris. Die resultate van die navorsing, indien versigtig uitgevoer, sal 'n uitslag lewer wat net so akkuraat, indien nie meer akkuraat nie, as om te probeer om elke enkele persoon in die hele populasie te bereik en om akkurate veralgemenings van die groter groep weer te gee, volgens Babbie en Mouton (2000:175) en Neumann (2000:195). Babbie and Mouton (2001:233) vermeld verder dat *"…although the term questionnaire suggests a collection of questions, a typical questionnaire will probably contain as many statements as questions, especially if the researcher is interested in determining the extent to which respondents hold a particular attitude or perspective".*

### 1.5.6 Samevatting van metodologie

Volgens die wete en kennis van die navorser is daar niks of nêrens vantevore weergegee dat hierdie navorsingsprobleem reeds nagevors of ondersoek is in die gemeentes van die AGS in Suid-Afrika, en spesifiek in die gemeenskap van Progress, Upington, in die Noordkaap nie. Vanweë tyd en finansiële beperkings, is hierdie studie beperk tot net 60 jongmense uit die plaaslike gemeente van die AGS, Rehobot-gemeente, wat deel is van die groter gemeenskap van die voorstad, Progress, in Upington. Die resultate van die ondersoek sal in 'n volgende hoofstuk weergegee en geïnterpreteer word.

Die navorsing het egter ’n dieper, meer oorkoepelende doel wat deur die “leiers” van die gemeente nagestreef word. Dit behels onder meer om die problematiek van die jeug ten opsigte van moraliteit en sedelikheid in die breë te bekyk, teen die agtergrond van alles wat in die gemeente aangaan: die hele gemeentelike opset en die kerk se verhoudings binne die gemeenskap, asook die samelewing en omgewing waarin dit funksioneer (Osmer,2008:10). Hierdie omvangryke en meer oorkoepelende navorsing sal in ’n opvolgstudie as ŉ verdere navorsingsmoontlikheid behandel kan word.

## 1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van die studie is dat die AGS Rehobot-gemeentetekens van morele verval onder die jeug toon, met die doel om aan te dui hoe die gemeente in staat gestel kan word om, op grond van Bybelse riglyne en ander inligting, programme daar te stel wat die morele verval onder jongmense sal voorkom, stuit en selfs omkeer.

## 1.7 ETIESE OORWEGINGS

Die etiese oorwegings wat in ag geneem moetword by die uitvoering van hierdie navorsing, ter wille van geldigheid en betroubaarheid van hierdie studie, sal voldoen aan die etiese vereistes volgens die beleid van die Noordwes Universiteit en die Fakulteit Teologie (Maree, 2007:41). Die volgende etiese oorwegings isin ag geneem:

- Tydens die ondersoek is daar volle toestemming vir deelname van die deelnemers verkry. Niemand is benadeel nie.
- Sensitiewe inligting is as vertroulik beskou (Maree, 2010:41).
- Geen name is in die navorsing genoem en in die navorsing gedokumenteer nie (Maree, 2010:42).
- Kwesbare persone, soos oud, jonk, siek of te klein, is nie in die onderhoude gebruik of uitgebuit nie.

- Die menswaardigheid van die deelnemers is nie geskend nie.
- In die outo-etnografiese beskrywing is gepoog om waarnemings so regverdig moontlik te formuleer.

## 1.8 VOORGESTELDE HOOFSTUKINDELING

Die onderwerp sal aan die hand van die volgende hoofstukke uiteengesit word:

Hoofstuk 1 Inleiding en Oriëntering

- Agtergrond en relevansie van die studie
- Probleemstelling en sentrale teoretiese argument
- Navorsingsplan en metodologie

Hoofstuk 2 Interpretatiewe ondersoek en literatuurstudie

Hoofstuk 3 Skriftuurlike perspektief

Hoofstuk 4 Samevatting, Gevolgtrekking en Refleksie oor studie

- Gevolgtrekkings en aanbevelings
- Riglyne vir die AGS Rehobot-gemeente Upington.

ADDENDUM 1 EMPIRIES-BESKRYWENDE ONDERSOEK

AANHANGSEL A TOESTEMMINGSBRIEF AAN OUERS

AANHANGSEL B VRAELYS

BRONNELYS

# HOOFSTUK 2 –INTERPRETATIEWE ONDERSOEK EN LITERATUURSTUDIE

## 2.1 INLEIDING

ʼn Literatuurstudie is ʼn ondersoek van relevante bronne, na teorieë en bevindinge wat lig kan werp op die tersaaklike navorsingsprobleem. Die gebruik van teorieë uit ander verwante velde en deelwetenskappe, is ‘n belangrike deel van prakties-teologiese interpretasie (Osmer, 2008:8).

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die bydrae van teorieë uit die Opvoedkunde, die Christelike Etiek,die Psigologie, die Filosofie en ander instellings soos die Media,om die verstaan, interpretasie en evaluering van die navorsingsvraag te vergemaklik. Die ondersoek word onderneem om die navorsingsvraag,naamlik:‘Hoe kan die AGS Rehobot-gemeente Upingtondie ernstige morele verval wat onder die jeugdiges binne die AGS Rehobot-gemeente,Upington voorkom, probeer begryp, stuit en omkeer?’ te beantwoord. In die breër konteks van die studie word wyer gesoek na antwoorde op die vraag van Osmer (2008): ‘Waarom is die jeug van die gemeente geneig om hulle met gedrag wat sedelike verval bevorder, besig te hou? Watter ander faktore (sosiaal,kultureel,histories)kan aanleiding gee daartoe dat daar ‘n agteruitgang is ten opsigte van moraliteit?’

## 2.2 VANUIT DIE OOGPUNT VAN DIE OPVOEDKUNDE

ʼn Gebrek aan moraliteit is tans een van die dringendste probleme in die Suid-Afrikaanse onderwys. Die morele krisis in die land resoneer in skole, waar leerders nie respek toon vir mekaar, onderwysers of skooleiendom nie. Verder is daar ʼn afwesigheid van berigte rakende werksetiek, ongedissiplineerdheid by sowel opvoeders as leerders, ʼn gebrekkige verantwoordelikheidsin en groeiende etiese ongeletterdheid op alle vlakke. Sommige skole het plekke geword waar vandalisme en dwelmhandel plaasvind, mede-leerders afgeknou en selfs verkrag word, diefstal gepleeg word en waar eerlikheid, betroubaarheid en verantwoordelikheid as

uitgediende begrippe beskou word (De Wet, 2003:169, De Wet, 2004:210; Prinsloo, 2005:7). Steenkamp (2013:2) vertel van drie skoolseuns, die sogenaamde "*Mafia Gang*", wat 'n maande-lange boelie-skrikbewind in 'n KwaZulu-Natalse skool gevoer het, voordat die polisie hulle by die Hoërskool Suid-Natal in Port Shepstone gearresteer het. Die '*Mafia Gang'* het na bewering minstens drie seuns aangerand en verskeie dreigemente gemaak teenoor onderwysers en glo selfs die skoolhoof.

Hierteenoor, is daar ook positiewe opmerkings oor die vermoëns van vandag se tieners om die uitdagings aan hulle gestel, met sukses te hanteer. *"Adolescent females who have been sexually abused, may demonstrate social competence and positive self-esteem, provided they receive emotional support from parents, schools and the community"*(Kheswa,2016:318).Lynn Nelson, skoolhoof van 'n Johannesburgse privaatmeisieskool, sê sy is hoogs beïndruk met die volwassenheid, heilsaamheid en vermoë om terugslae te oorkom wat die grootste groep van vandag se tieners kenmerk. Sy noem verder dat hierdie kinders 'n merkwaardige vermoë hetom tussen goed en kwaad te kan onderskei, in weerwil daarvan dat die sosiale traumas waarmee hulle gekonfronteer word, veel erger as ooit tevore is(Otto, 2000:97).

De Klerk (2005:175) noem dat kinders se moraliteit die produk is van affektiewe, kognitiewe en sosiale kragte wat saamsmelt, tot 'n steeds groeiende morele bewussyn. Karakteropvoeding vereis dat leerders geleenthede kry tot '*morele aksie'.* Aristoteles het gesê: *"But the virtues we do acquire by first exercising them, just as happens in the arts. Anything that we must learn to do we learn by the actual doing of it: people become builders by building and instrumentalists by playing instruments. Similarly, we become just by performing just acts, temperate by performing temperate ones, brave by performing brave ones"* (aangehaal in Van der Ven, 1998:384). Dit word beaam deur Meyer (2005:v) as hy skryf: *"A nation's wealth lies within the youth of a country".*Prinsloo (2010:86)stel dit kort en kragtig:"Wysheid kom van God af".

Daar is egter verwarring onder die jeug, wat veral die gevolg is van leiers in die gemeenskap wat van mekaar verskil: wat vir die een leier reg is,is nie noodwendig reg

vir ŉ ander leier nie.Opvoeding en moraliteit kan nie van mekaar geskei word nie, want die opvoedingsgebeure is ook morele gebeure. Moraliteit is deel van die DNA van ŉ skool, rekenDe Klerk(2010:11). Sy noem dat die kernprobleem van die onderwys in die land gebrekkige moraliteit is. Aan die wortel van beide die tsoenami van geweld, die spiraal van disrespek en gedragsprobleme in skole, asook die powere akademiese prestasies van leerders, lê die afwesigheid van geïnternaliseerde kernwaardes. Daar is ŉ gebrek aan morele karakter en prestasie-karakter. Om waardes te vestig en karakter te bou, is egter nie so eenvoudig nie. Dit gebeur oor tyd en dit sluit die hele kind in, verstand, hart, wil en gedrag. Verder is die skep van ŉ positiewe morele kultuur in die hele skool, sterk morele leierskappe, die gebruik van sport en kultuur in karaktervorming, tradisies en rituele wat kernwaardes ondersteun en die uitoefening van morele dissipline belangrik.Freeks en Lotter (2011:578) noem dat een van die belangrikste doeleindes van waarde- en karakteropvoeding is om studente in staat te stel om die lewe in sy volheid mee te maak. Waarde- en karakteropvoeding sou moontlik kon help om aan die jeug van Suid-Afrika ŉ beter lewe en toekoms te bied.

Dit blyk uit die internasionale literatuur dat die krisis van waardes in ŉ globale konteks geplaasmoet word, waarinDerrida (soos bespreek deur Borradori, 2003:136) dit beskryf as die ontstellende sosiale en ekonomiese ongelykhede. Dit kom in Afrika voor as verdierliking/verontmensliking van die Afrika-mens binne die konteks van die alledaagse werklikheid; dit wil sê, in die praktyk van die daaglikse lewe.Habermas (1996:75)beskryf die verontmensliking as die kulturele en politieke ongeletterdheid wat aangevuur word deur die massamedia en die buitengewone potensiaal van die mens vir geweld en ongeregtigheid. Rorty (2006) beskryf dit as kulturele pessimisme; met ander woorde, ŉ lewenstyl van verslaenheid wat uitloop opwanhoop en oorgawe. Wiredu (2006) beskou dit as die toenemende geneigdheid tot menseregteskendings in kontemporêreAfrika. Die krisis in die Suid-Afrikaanse gemeenskap simuleer dus vergelykbare krisisse regoor die kontinent en die wêreld. Hierdie krisisse word uitgedruk in alle soorte geweld, misdaad, ongelykheid, en diskriminasie, en gaan gepaard met, waarnaoor die algemeen verwys word as,“morele verval” en die besef van die beperkinge van sosiale konvensies wat gewortel is in demokrasie en menseregte. Hierbenewens was die vooruitgang met

betrekking tot die besef en verstaan van regte stadig, en opvoedkundige instellings, veral skole, het sentrums vir aggressie en geweld geword(De Klerk, 2005:172).

Menseregte voorsien die assesseringskriteria en die beslissende raamwerk vir wat ons ervaar as sosiale euwels. Dit wat as sosiale euwels ervaar word, het amper sinoniem geword vir'n ineenstorting van waardes, wat weer op sy beurt lei na 'n verval van moraliteit. In hierdie verband het Rauch(2005:91) so vroeg as 2005 die volgende indringende stellingsgemaak oor die ineenvloeiing van die taal van moraliteit, etiek en waardes in Suid-Afrika:

- Dit wil voorkom asof daar eenstemmigheid is dat daar 'n morele krisis in Suid-Afrika is; veral ook die onderwysveld.
- Politici, geestelike leiers en sosiale kommentators het almal al gepraat oor die verval in moraliteit. Die mees algemene bewys wat aangehaal word, is dié van misdaad; veral misdaad waarby geweld betrokke is of diegene wat as burgers hul basiese pligte teenoor die staat of mekaar ontduik.
- Die morele herlewingsinisiatief is een reaksie op hierdie krisis, wat saamgeval het met talle ander soortgelyke inisiatiewe wat gerig is op die voorkoming en vermindering van misdaad, sommige wat self duidelike oproepe tot die herstel van waardes, norms en moraliteit bevat het.

Normaalweg wil die jeug 'n toekoms visualiseer waarin hulle as volwaardige burgers kan woon, werk en bydra tot die ontwikkeling van hul vaderland. Adolessente se toekomsvisie, sowel as hulle ontwikkelende identiteite, word deur hul politieke, sosiale en ekonomiese kontekste beïnvloed (Finchilescu & Dawes 2001:133). Geen samelewing kan dit bekostig dat daar verduisterde toekomsperspektiewe onder die jeug heers nie. Sulke perspektiewe blokkeer effektiewe onderwys, lei tot destruktiewe burgerskap en is simptomaties van 'n ongesonde samelewing. Die maatskaplike imperatief om in belang van 'n goeie toekoms deeglik na die jeug om te sien, word treffend deur Larson, Wilson enMortimer (2002:159) verwoord: 'Die toekoms van samelewings hang af van hoe suksesvol hulle is om maniere te skep waardeur jongmense kan ontwikkel en hulleself voorberei om verantwoordelike volwassenes te word wat sinvol tot die samelewing salbydra. Indien hierdie weë

egter onvoorspelbaar, irrelevant en selfs gevaarlik is, wag ’n onseker en onvoorspelbare toekoms op die adolessent’.

Die jeug moet gehelp word om hulself voor te berei om as volwassenes in Suid-Afrika hul plek vol te staan. Nie net te midde van toenemende sosiale uitdagings nie, maar ook as gevolg van ’n klaarblyklike identiteitsonsekerheid – ’n erfenis van sosiale minderwaardigheid en tweedeklas burgerskap wat deur die beleid van apartheid wat veral tussen 1948 en 1994 gemeenskappe verskeur en vernietig het (Adhikari,2002:124).

Du Plessis(2013:2) beskryf die agteruitgang van moraliteit in Suid-Afrikaanse skole deur te verwys daarna dat Prof. Jonathan Jansen meedoënloos, selfs wreed is,wanneer hy knaend die skuld vir die agteruitgang in die land aan openbare skole toeskryf.Retief (2013:1) wys daarop datNewman, ꞌn onderwyser, nou met graad 8-leerders in sy klas sit wat swanger is.Die vorige jaar, 2012, in Pretoria, was daar agtmeisies wat swanger was, en boonop begin die misbruik van dagga nou al in graad 8 en 9. Respek endissipline is vir hom prioriteite.Coetzee, Louw en Jooste (2005) skryf dat die probleem van dalende moraliteit, veral onder die jeug, ꞌn eeue-oue en wêreldwye kwessie is. Dit is veral van toepassing in Suid-Afrika waar die steeds dalende vlakke van moraliteit gemeenskappe, sowel as die hele samelewing affekteer. Die ekonomie, byvoorbeeld, word geraak deur verlaagde beleggersvertroue vanaf plaaslike en internasionale beleggers, wat beslis beïnvloed word deur die hoë voorkoms van geweld- en misdaadsgevalle.En sover dit die gesin en families aangaan, ly Suid Afrika ook uitermate: Meer kinders word byvoorbeeld wees gelaat as gevolg van MIV en Vigs, en talle ouers het hul kinders, en selfs hele families as gevolg van geweld verloor. Hierdie kwessie het geleidelik belangrikeren meer kommerwekkend geword, en is as ꞌn nasionale fokuspunt uitgelig deur president Jacob Zuma, in sy toespraak oor morele hervorming: “Die grense tussen reg en verkeerd pla nog steeds ons gemeenskappe” (Zuma, 2001). Hierdie standpunt werf geleidelik steun uit verskillende oorde, insluitende geestelik, opvoedkundig en polities.

Aangesien moraliteit as ꞌn teenvoeter vir die stygende voorkoms van onder andere misdaad, geweld en MIV en Vigs gesien word, is dit noodsaaklik dat die kwessie van

moraliteit in die land dringend aangespreek word. Geen planne om die situasie te verhelp kan egter gemaak word sonder betroubare inligting nie. Dit is veral noodsaaklik in Suid-Afrika, omdat daar gereeld op internasionale en herhaaldelikirrelevante data gesteun word.Malala (2014:5) skryf dat alle Suid-Afrikaners saam hierin is: ryk en arm,werker en werklose,swart en wit, jonk en oud. Dit is nodig dat goed geformuleerde strategieë en planne in werking gestel word, anders is Suid-Afrika in die moeilikheid.Carlo *et al*. (1999) en Judy & Nelson (2000), stem saam dat die toestand van moraliteit in die land aangespreek moet word.

## 2.3 VANUIT DIE OOGPUNT VAN DIE CHRISTELIKE ETIEK

Christene wil die Bybel gebruik as die instrument waardeur die Heilige Gees hulle lei tot ŉ God-welbehaaglike leefwyse. Die Bybel het inderdaad as sentrale doel die onderrig van gelowiges oor ŉ etiese leefwyse. Die Skrif is gevolglik fundamenteel tot die uitlewing van die Christelike etiek (Grenz, 1997:96).

Grenz (1997:257) skryf dat die etiese en morele lewe na vore kom wanneer God se volk daarna streef om die implikasies van die Bybelse siening, van ŉ lewe onder God se beskerming vir die bestaan, in die konkrete oomblik verstaan. Die Christelike etiek is basies ‘n lewe van integriteit – teologie in aksie – soos daar in verhoudings daarna gestreef moet word om die implikasies van die Christelike teologiese toewyding uit te leef, soos nagevolg uit die geskiedenisvan Jesus Christus.

Veldsman(2010:10) verduidelik moraliteit as “dinamiese gebeure” met die voorbeeld dat nie alleen die Farao sy hart verhard het nie, maar ook dat Christene in Suid-Afrika dit vandag doen. Hy suggereer verder dat daar met hierdie stelling ingedagte, gekyk moet word na die multi-kulturele Suid-Afrikaanse samelewing van vandag, waarin moraliteit waarskynlik goed omskrywe soukon word as “verstrikte moraliteit”. Hiermee word bedoel ‘n wyse van omgang met morele onderskeiding en oordeel – dit is, oor wat reg en verkeerd, oor wat goed en sleg is - wat grondig bepaal word deur ideologiese vooropgesteldhede, inkonsekwente en eiesinnige kieskeurigheid. “Ons sal inderdaad grondig moet vra wat gaan in ons harte aan, want dit alles bepaal ons (morele) lewens”(Spr.4:23). Hierdie morele “bepaal-van-ons-lewens”

word grondig beoordeel vanuit die Bybelse vraag na die grootste gebod, soos onderskeidelik weergegee in Matteus22:34-40 as strikvraag oor Jesus Christus se verhouding tot die wet, Markus12:28-34 as belydenis dat God die enigste God is en dat die relasie God-mens oor meer as kulties-religieuse gebruike gaan, en Lukas10:25-28 met ‘n vraag na die ewige lewe en jou naaste as konteks, luidens Veldsman (2010:10).

Kretzschmar en Hulley (1998:13) haal Van Niekerk aan wat noem dat geen menslike samelewing moontlik sou gewees het as dit nie was vir morele kodes wat ons toelaat om, tot ŉ sekere mate, ons basiese selfsugtigheid te oorkom nie. Moraliteit is egter noodsaaklik, nie net vir die bewaring van lewe nie, maar ook vir die kwaliteit van lewe.

Die rede vir die noodsaaklikheid van moraliteit is omdat die samelewing nie behoorlik daarsonder kan funksioneer nie.Hren(2018:36) beskryf dit soos volg:*“Freedom defined as doing whatever one desires is not freedom, but slavery – and slavery to a harsh master. And there is nothing intrinsic to modern freedom that prevents us from defining it as doing whatever one desire.*Moraliteit gee nie net betekenis en rigting aan ŉ individu nie, dit is ook grootliks die weefsel van die samelewing. Talle mense is oortuig daarvandatŉ krisis in ons samelewing ervaar word as gevolg van ŉ gebrek aan moraliteit.Met die term ‘krisis’ word bedoel dat dinge so ontwikkel het, dat daartans wesenlike persoonlike en sosiale gevare in die gesig gestaar word, luidens Van Niekerk (1992:14).

Voster(2007:36) meen:*“Sexual immorality is rife in South Africa today”.* Hierdie stelling word gestaaf deur die sigbare toename in prostitusie, selfs kinderprostitusie, en die promiskue lewenstyl van talle jongmense.Dit wil voorkom asof die idee van bevryding ook die terrein van seksuele morele verval betree het. Posel(2003:9) vermoed dat onder die swart jeug – veral onder vroue –die handhawing van ŉ geseksualiseerde “vryheid” ŉ stelling is wat gemaak word om die skeuring tussen die Apartheid- en post-Apartheidsgenerasies te bevestig, terwyl dit terselfdertyd ŉ simptoom is van die erosie van ouerlike gesag. Verdere bydraende faktore tot hierdie verwarrende situasie, sluit die invloed van die moderne sekulêre kultuur via

die televisie asook die internetin, waardeur seksuele morele verval as normale lewenstyl aangemoedig word.

Molapo(2003:86) skryf dat 'n waarde iets is wat uiters belangrik is vir 'n mens. As daar één ding is wat elke mens uitsonder as baie spesiaal, is dit jou eie stel waardes. 'n Bewustheid van jou eie waardes en voorkeure is belangrik vir 'n mens se persoonlike groei en ontwikkeling. Hoe meer jy groei, hoe meer waardevol word jy vir jouself, jou familie, jou vriende, die organisasie waarvoor jy werk en vir die wêreld rondom jou. Wanneer jy jou waardes uitleef, is jy net eerlik teenoor jouself. Hierdie waardes is die belangrikste oortuigings wat jy kies om jou lewe daarvolgens in te rig. Die belangrike woord hier is "kies" – die oomblik wat jy jou waardes begin ken en verstaan, gee dit vir jou koers en rigting in jou lewe. "*Ethics is 'complete' not in exhausting every issue Christian ethics engages, but rather in skillfully interweaving concerns for the body, the social self and the new order, strands that together capture the essence of what it is to live life as a Christian"*, noem Church(2011:407).

## 2.4 VANUIT DIE OOGPUNT VAN DIE PSIGOLOGIE

Sielkunde, oftewel *Psigologie*,is die studie van die mens se innerlik lewe en gedrag. *Algemene psigologie* bestudeer die normale, volwasse mens; terwyl *besondere psigologie* die abnormale enonvolwasse mens bestudeer(Sadock, 2008:33).

Moraliteit word vereenselwig met openbare optrede wat geskied ooreenkomstig dieaanvaarde rigsnoere wat in 'n bepaalde samelewing geld. In die Suid-Afrikaanse reg word drie betekenisse aandie begrip "moraliteit" gekoppel (Andrews, 1989:213). Dit verwys na die volgende:

- die uitnemendheid van 'n mens se karakter en sy gedrag wat daaruit voortspruit,
- en die spesifieke sedes,
- waaroor die lede van die gemeenskap dieselfde mening huldig.

Die profiel van die hedendaagse tienerjare, is een van innerlike eensaamheid en verlatenheid, sê ŉ kliniese sielkundige, Dr. Cecile Gericke (Otto, 2000:96-97). “My ma is so naïef”, klaKarla (15jaar). “Sy dink alles is veilig by partytjies, solank die ouers tuis is en drank verbode is. Maar sy het nie ŉ‘*clue*’ nie – daar is altyd iemand wat drank en dwelms insmokkel. Dis vanselfsprekend dat ons in die tuin of in die badkamer sal kan kry net wat ons wil hê, seks ook. Dis deel van die pret om dit in die toilet te doen”. Volgens Gericke, leef tieners in ŉ milieu waar dit vir hulle amper vanselfsprekend is dat hulle seks sal hê en vrylik alkohol sal gebruik, meesal nog voordat hulle sestien is. Sy noem verder dat hulle die feit aanvaar dat van hul vriende dwelms sal gebruik en van tyd tot tyd gerehabiliteer moet word. Aborsie is vir hulle niksbuitengewoons nie.

Opvoedkundige sielkundiges is dit eensdat Suid-Afrikaanse ouers oor die algemeen te bang is om regtig te wil weet wat gebeur, nadat hulle hul tienerkinders saans by die winkelsentrums of partytjies afgelaai het. Hulle verkies om die harde feite van twaalf- en veertienjariges wat seksueel aktief is, of hul gewone sigarette vir dagga verruil het, gespaar te bly (Otto, 2000:96-96). Ouers is bang om wesenlik gekonfronteer te word met die werklikhede van vandag. Ouers wil deur ŉ bril van ŉ vorige geslag se tydsgees na ons tieners kyk, en dit dra net by tot verdere vervreemding van die tieners se wêreld. Ward (1969:4) beskryf dit soos volg: *“When we talk about moral values, we usually mean one of two things: Firstly, remembering that the child must take a place in the community, we attempt to bring about some conformity to the conventional standards of society. Secondly, we attempt to help the child to make all his values consistent and to develop a stable element in his personality”.*Byarugaba(2014:46)redeneer verder dat die jeug ŉ tydperk van self-ontluiking is, waar jongmense hul selfbeeld en innerlike vermoë ontwikkel om rigting aan hul toekoms te gee. Deur die verkryging van opvoeding, word jongmense die geleentheid gegun en bemagtig om ŉ verskil te maak in hul gemeenskappe, deur die kennis wat hul opdoen toe te pas tydens die daaglikse keuses wat hulle maak.

Volgens Carrol en Rest (1982) en Rest (1986), bestaan ’n ten volle ontwikkelde moraliteit uit vier komponente:

(1) die herkenning **van**, en sensitiwiteit **vir** ’n gegewe sosiale situasie, wat tot die bewustheid van die bestaan van ’n morele probleem lei;

(2) morele oordeel ten einde te bepaal wat in ’n gegewe situasie behoort te gedoen word;

(3) waardes en ander invloede wat ’n plan van aksie in ooreenstemming met morele ideale beïnvloed, maar wat ook morele waardes en doelwitte oorweeg sowel as situasionele druk wat mag bestaan; en

(4) uitvoering en implementering van morele optrede in ooreenstemming met sekere doelwitte, ongeag afleidings, hindernisse en toevallige aanpassings in spesifieke situasies.Die kognitiewe ontwikkelingsperspektief ten opsigte van moraliteit van veral Piaget enKohlberg is gerig op die intellektuele strukture wat individue gebruik in die bepaling van morelegedrag (Ward, 1991).

Volgens Gericke (in Otto,2000:97), sal dit net bydra om tieners nog verder van hul wêreld vervreemd te laat raak deurmet die bril van ’n ouer geslag se tydsgees na ons tieners te kyk. Sy beweerhulle leef in ’n milieu waar dit vir hulle amper vanselfsprekend is dat hulle seks sal hê en vrylik alkohol sal gebruik, meesal nog voordat hulle sestien is.Sy redeneerverder dat tieners uiters beskermend is teenoor mekaar en sal almal help om geld in te samel vir ’n vriendin se aborsie, sodat haar ouers nie daarvan hoef te weet nie. Sedert die Internet inligting binne almal se bereik geplaas het, word tieners met pornografie gebombardeer en kan hulle selfs op die Net slagoffers van pedofiele word. Seks is alledaags in rolprente en op televisie te sien. ’n Klimaat is geskep waarbinne ’n elfjarige skoolmeisie aan ’n skoolmaat ’n brief kan skryf waarin sy verklaar dat sy graag anale seks met hom wil hê. Veertien- en vyftienjarige seuns spog onder mekaar oor die graad van seksuele verkeer wat hulle al met meisies so jonk soos twaalf gehad het, en ‘n groep skoolvriende komweekliks bymekaarkom sodat die meisies die seuns met orale seks kan vermaak, noem Gericke (in Otto,2000:97).

Otto(2000:97) haal Vorster aan wat sê, dis ŉ groot probleem dat daar vir vandag se tieners min veilige uitlaatkleppe is om te eksperimenteer en om in ŉ groep dinge te waag. Hy verduidelik dat tieners twintig jaar gelede vrugte gesteel of op jagtogte gegaan het. Vandag kan hulle feitlik niks avontuurliks doen sonder om een of ander reël te verbreek nie. Dus wend hulle hulself maar tot dwelms, diefstal of saakbeskadiging.

Hierteenoor stel Thompson (1998:1), dat die tyd waarin ons leef, bykans geheel 'n tyd van morele paniek is. Hy glo: *"It is widely acknowledged that this is the age of moral panic… and the activities of youth in particular have often been presented as potentially immoral and a threat to the established way of life"* (Thompson, 1998:8). Hy noem verder dat die elemente van hierdie sogenaamde 'morele paniek' soos volg daar uitsien:

(i) iets of iemand word gedefinieer as ŉ bedreiging vir bestaande waardes of belange;

(ii) hierdie bedreiging word uitgebeeld in ŉ maklik herkenbare vorm deur die media;

(iii) ŉ vinnige opbou van openbare ontsteltenis en kommer volg hierna;

(iv) ŉ reaksie kom van die kant van die owerheid of meningsvormers af en

(v) die paniek neem geleidelik af of loop uit op sosiale veranderinge.

Neser, Van der Merwe en Ovens (2003:15) het in hul navorsing bevind dat alkohol die algemeenste gebruikte dwelmmiddel onder jongmense is, selfs meer as tabak en ander onwettige dwelms, veral in Suid-Afrika. Teen Graad 8 het 52% van die leerders in Suid-Afrika, volgens Ericson (2001:1-2) se navorsing,al alkohol gebruik, 41% het al sigarette gerook, en 20% het al dagga gerook. Alkohol is ŉ kragtige, stemmingsveranderende dwelm, en die gebruik daarvan deur tienderjariges hou ernstige gesondheidsrisiko's in. Dit benewel enige gesonde oordeel, belemmer dit die ontwikkeling van sosiale vaardighede en skoolprestasie. Navorsing toon byvoorbeeld dat jong adolessente wat alkohol misbruik tot selfs 10% minder kan onthou wat hulle geleer het, as leerders wat nie drink nie (Brown, et al, 2000:164-

171). Wat meer is, kinders begin al drink op ŉ baie jong ouderdom, soms selfs voordat hulle die laerskool verlaat. Grant en Dawson (1997:103-110) wys daarop dat die ouderdom waarop ŉ persoon vir die eerste keer alkohol begin gebruik ŉ kragtige aanduider is van lewenslange alkoholmisbruik en -afhanklikheid. Meer as 40% van individue wat begin drink voor die ouderdom van 13 jaar, staan 'n goeie kans om drank te misbruik of afhanklik te raak van alkohol op een of ander stadium van hulle lewe.

## 2.5 DIE FILOSOFIESE UITGANGSPUNT

Die Griekse wysgeer, Plato, het die vier kardinale deugde, naamlik wysheid, regverdigheid, moed en selfbeheersing as noodsaaklik beklemtoon. Latere (moderne) denkers, soos MacIntyre (1984) en Smedes (1990), in navolging van Aristoteles, is oortuig daarvan dat 'n deugde-etiek hoop kan bring in morele chaos. MacIntyre vervang byvoorbeeld die vraag: "Hoe sal ek besluit wat om te doen?" met "Watter soort mense behoort ons te wees?"Hierdie vraag vra in ooreenstemming met die paradigmaskuif van die moderne era in die etiek, nie meer "Wat is goeie gedrag en wat is reg en verkeerd?" nie, maar "Wat konstitueer 'n goeie persoon?". Derhalwe val die klem by karakteropvoeding op die karakter en die deugde van die morele agent.

Van der Walt(2003:51) beweer: "Ons ervaar daagliks die gevolge van die morele verval in Suid-Afrika… ook akademici is bekommerd oor hierdie 'morele vakuum'. Dit wil voorkom asof iets belangriks verdwyn het en niks goeds die plek daarvan gevul het nie". Bhana en andere(2008:84) noem dat talle dogters swanger word as gevolg van taxi-bestuurders wat hulle daagliks vervoer skole toe. Een van die oorsake van die probleem begin in die gesin en agtergrond waar kinders grootword; in swart skole kom juis die meeste kinders vanuit arm huishoudings.Byarugaba(2014:48) noem dat daar ŉ paar oorsake is wat aanleiding gegee het tot morele verval onder die jeug: (i) die huisgesin wat verval het, (ii) die agteruitgang van die onderwysstelsel en (iii) ekonomiese ongelykhede in Suid-Afrika. Die gevolge van morele verval onder die Suid-Afrikaanse jeug kan toegeskryf word, volgens Ueckermann(2010:26), aan

die feit dat jongmense hul konserwatiewe Christelike waardes ontgroei het en meer ingestel geword het op genot.Die toets van ‘n mens se karakter is juis wanneer morele verval hooggety vier. Die gevolge van hierdie morele verval openbaar dit selfs wanneer jongmense optree soos rebelle binne die gemeenskap, as dit blyk dat hulle nie kan onderskei tussen reg en verkeerd nie, en daar onder hulle geen spoor van ŉ toekomsverwagting bestaan nie. Hermann (2010) vermeld in sy toespraak oor Moraliteit en die Gemeenskap tydens ‘n konferensie in Krugersdorp (2010), dat daar onder die jongmense ‘n gevoel van magteloosheid, betekenisloosheid, normloosheid en selfvervreemding voorkom. Hierdie magteloosheid onder die jongmense lei tot isolasie wat verder tot depressie, alleenheid en uiteindelik, selfs selfmoord lei.

McDowell (2006:51) vermeld ŉ ontstellende realiteit: *“Our young people’s distorted view of reality, and the situation in which we find our kids today; …they are bright as any generation before them, they are promising, but unfortunately, their perception of reality is dangerously distorted”.* Vir die hedendaagse jongmens (jeug), geld die reël dat wat nou werk, reg is vir nóú. Die jongmens dink nie noodwendig daaraan watter implikasies hulle keuses het op hulle lewens, die van hul familie of selfs die gemeenskap waarbinne hulle lewe nie. Die werklikheid waarbinne tieners vandag moet funksioneer, stel veel meer eise as wat dit nog in enige ander tydvak die geval was. Om tiener te wees, is dalk vandag moeiliker as ooit tevore.

Die wêreldkultuur in die een-en-twintigste eeu het revolusionêr verander ten opsigte van seksuele waardes. Promiskuïteit word deesdae gesien as ŉ “deug” om na te jaag. Kinders wat nie meedoen aan voorhuwelikse omgang nie, word deur hulle portuurgroep as onnosel, vervelig en ongesofistikeerd beskou. Om nie met hierdie “onaanvaarbare” stempel gebrandmerk te word nie, raak kinders op ŉ al hoe jonger ouderdom seksueel aktief (Mashau, 2008:30). Dit gee aanleiding tot ŉ aanvaarde kultuur van saamwonery en voorhuwelikse omgang, wat sedert die 1960’s ŉ wêreldwye toename getoon het (Scherrer & Klepacki 2004:134; cf. Musick 2007:251). Saamwonery en voorhuwelikse omgang is as lewenstyl aan die toeneem dwarsoor die wêreld, en Suid-Afrika is geen uitsondering nie. Saamwonery en voorhuwelikse omgang is ook vinnig besig om ŉ soort van ŉ norm te word onder studente en die werkende jeug, wat nie net verkies om hulle blyplek te deel nie,

maar ook saam te slaap (Dolbik-Vorobei 2005; cf. Murray-Swank 2005). Hierdie manier van doen word ook waargeneem deur Robinson (2004:3): *"We all know that students (scholars) are loud, lazy, drink too much, inhale a variety of toxic substances, lead a hedonistic, irresponsible lifestyle, never thinking of anyone else but themselves, and have no sexual morals, at least not all of them".*

Collins (2005:187) vestig die aandag daarop dat die Bybel instruksies aan kinders gee, wat daarom impliseer dat hierdie jongmense oud genoeg is om dit te verstaan en gehoor te gee. Wat die Bybel ons oor kinders leer, is dus ongetwyfeld ook van toepassing op jongmense van adolessente ouderdom. Die Skrif verwys ook najong manne en jong vroue. Die Prediker gee byvoorbeeld vir jong manne die opdrag om gelukkig te wees en spreek hulle soos volg aan: "Jy wat jonk is, moet vreugde vind in jou jeug en jou jong dae ten volle geniet. Doen wat jy goedvind en waarvan jy hou, maar moenie vergeet dat God van jou rekenskap sal eis oor alles nie. Hou kommer uit jou hart en vermy wat jou liggaam kan kwaad doen. Ook die jeug en die jonkheid kom tot niks nie" (Pred 11:10).

## 2.6 MEDIA SE INVLOED

Vandag sekinders is môre se leiers – in welke geval Suid-Afrika rede tot kommer het.Navorsing van die Mediese Navorsingsraad (MNR)(Beeld, Hoofartikel, 22 April 2010) skets 'n prentjie van 'n losbandige, gewelddadige generasie sonder gesonde rolmodelle. Rebelsheid is 'n natuurlike eienskap van die jeug, maar as dit lei tot 'n gevaarlike leefstyl, strek dit verder as bloot rebelsheid.Luidens die MNR-verslag is 10% van die kinders (van Gr. 8 tot Gr. 11) wat ondervra is, al verkrag, 37,5% het al seks gehad, talle gebruik dwelms soos dagga, kokaïen en Mandrax, en 'n vyfde het al probeer selfmoord pleeg. Uit die syfers blyk ook dat daar by die generasie 'n idee bestaan dat geweld die manier is om probleme op te los. Van hulle was 21% in die ses maande voor die opname in 'n geveg, 15% dra wapens by hulle en 'n vyfde is lede van bendes. Een van die gevolgtrekkings wat gemaak is, is dat kinders by bendes aansluit omdat dit hulle "gewaardeer"laat voel. Dit beteken kinders kry die geborgenheid wat hulle eintlik in hul ouerhuis moet vind in die binnekring van

misdadigers (Beeld, Hoofartikel, 22 April 2010). Nel(Beeld, 18 April 2013) noem volgens Marinda Botha, opvoedkundige sielkundige, dat die snelle toename in geweld onder skoliere dui op gebrekkige opvoeding in die ouerhuis.

Prinsloo en Neser (2007:322) noem: “Daar was ’n betekenisvolle toename in oortredings soos aanrandings en seksuele geweld inSuid-Afrikaanse skole gedurende die tydperk 2001 tot 2004” (Beeld, 7 Oktober 2004). Die fisieke en seksuele aanranding van skoliere by hul skole deur hul klasmaats, het sedert 2008 met onderskeidelik 6,3% en 4,5% toegeneem, noem Vos(Beeld, 17 April 2013). Gedurende 2001 is 20 insidente van seksuele geweld wat op skoolpersele voorgekom het, gerapporteer, in vergelyking met 111 gevalle gedurende Oktober 2004. Leoschut en Burton (2006:xiv) bevestig die endemiese aard van geweld in plaaslike openbare skole.

Gedurende die afgelope aantal jare het daar verskriklike tragiese voorvalle in Upington plaasgevind. Twee meisies, by name Lizelle (16) en Ashley (15), het op 1 Augustus 2011 saam selfmoord gepleeg deur van ŉ voetbrug oor die Oranjerivier by Upington te spring. Die meisies se liggame is op 12 Augustus 2011 uit die rivier gehaal. Die twee tieners en ŉ derde vriendin (15), het die vorige aand saam met twee mans op Die Eiland-vakansieoord gekuier. Die meisies het glo “onder dwang”dwelms gebruik, waartydens een van die mans glo die vriendin verkrag het. Die mans het die drie meisies vroeg die volgende oggend in ŉ bedwelmde toestand by die huis van ŉ vierde meisie afgelaai. Lizelle en Ashley het na die voetbrug daar naby gestap en afgespring (Jansen & Burger, Rapport, 21 Augustus 2011).

In ŉ selfoon-video wat deur leerders by ŉ ander skool afgeneem is, kan daar gesien word hoedat ŉ Gr.8-leerling ŉ medeleerling teen die kop skop. Hierdie leerling is die daardie selfdeweek uit die skool geskors. Arno Swanepoel is verskeie kere teen die kop en in die ribbes geskop terwyl hy op die grond gelê het. Minstens een leerling het die voorval verfilm en in die video wys duidelik hoe verskeie leerlinge toekyk (Kruger,Rapport, 28 Augustus 2011).

ŉ Voorval van teistering is ook by ŉ bekende skool in Port Elizabeth deur die polisie ondersoek,waar ŉ 14 jarige seun se elmboog met ŉ bofbalkolf “vergruis”is. ‘n Ontstelde ma het vertel dat haar seun deur ‘n medeleerling van agter met die

bofbalkolf geslaan ism terwyl hy besig was om weg te loop (Wondergem,Rapport, 28 Augustus 2011).

ʼn Volgende aangeleentheid waar misdaad ʼnuiters belangrike rol in die lewens van tieners en jongmense speel, is die vele jeugbendes wat in die omgewing van Upington, onder leiding van misdadigers, bestaan. Dit is nie vreemd dat misdadigers met hul blink motors, "*bling*"-juwele en hoërisiko-leefstyl die jeug se rolmodelle is nie. Om in die bendekring toegelaat te word, moet jy ʼn premie plaas op geweld, vertoon en die kultuur van "kry soveel jy kan terwyl jy so min moontlik doen". Dit is die soort waardes wat ná ʼn paar jaar beslag gee aan sogenaamde jeugleiers wat eintlik niks meer as lawaaimakers is nie. Die regering kan navorsing doen en programme instel om gesonde rolmodelle voor te hou en ʼn goeie waardestelsel by die jeug te kweek.Maar kinders –sal ouers bevestig – doen nie wat jy vir hulle sê om te doen nie. Hulle doen wat jy doen (Beeld, Hoofartikel, 22 April 2010).

Millicent Merton vertel: "As die Menseregtekommissie(MRK) en ander kinderorganisasies hul sin kry, sal dit van volgende jaar onwettig wees om jou kind ʼn pak slae te gee" (Beeld, 27 Januarie 2006). Prof. Lawrence Schlemmer het een keer opgemerk dat, as daar ooit ʼn behoefte was aan ʼn konserwatiewe revolusie wat betref seksuele moraliteit en familiewaardes in Suid-Afrika, dan is dit nou. In plaas daarvan, het Schlemmer heeltemal tereg gesê**,** is die tipiese benadering egter om te pleit vir berading en jeugprogramme, of enigiets anders behalwe die herstel van die sosiale en morele leierskap van konserwatiewe en godsdienstige instellings. Waarom, as kinders seks het op ʼn jonger en jonger ouderdom, deel ons kondome by skole uit? As ons almal meer bid, sal die sosiale verandering wat ons so graag wil sien, miskien gouer gebeur.

## 2.7 SAMEVATTING

Uit die bespreking en voorbeelde genoem in bogenoemde hoofstuk, word daar afgelei dat diedaaglikse lewe tans gekenmerk word deur ʼn samelewing wat gebombardeer isdeur inligting en sogenaamde kitsoplossings, so asof daar ʼn antwoord vir allesis. Die kinders en jongmenseis daagliks blootgestel aan ʼn vrydenkende samelewing, en hierdie kinders is ons land en voortbestaan se

toekoms – 'n afwesige ouer laat die kind na alternatiewe soek om sy frustrasies elders te stimuleer. Die hedendaagse jeug is nie alleen in konflik met hulleselfnie, maar staan ook in konflik met die Woord van God. Sedelike verval en jeugdigheid het feitlik sinoniem geword. Hulle faal jammerlik die toets wat die moderne lewe aan hulle stel. Die huidige onderwysbedeling dra ook grootliks by tot die verwarring en morele verval van die hedendaagse jeug weens die onvermoëom as morele rigtingwyser op te tree.

Die Christelike etiek onderstreep die noodsaaklikheid van 'n morele kode vir die samelewing, maar erken terselfdertyd dat die kerk in gebreke bly om die morele kode te handhaaf. Die tendens onder ouers om hul oë te sluit vir die werklikheid, gee aan die jeug 'n blanko tjek om verder in 'n immorele moeras te verval. Die jeug se afhanklikheid van dwelms, in besonder alkohol, bedreig die algemeen aanvaarde norms en standaarde van die samelewing.Die onvermoë om te onderskei tussen reg en verkeerd dra by tot die immorele mynveld waaruit jeugdiges nie kan ontsnap nie. Morele verval onder jeugdiges worddeels ook toegeskryf aan ‘n gebrek aan gesonde rolmodelle.

Die werklikheid waarbinne tieners vandag moet funksioneer, stel moontlik meer eise as wat dit nog in enige ander tydvak die geval was. Om vandag 'n tiener te wees, is dalk moeiliker as ooit tevore.Hierdie stelling word deur die navorserverder hanteer in Hoofstuk 4.Burns en De Vries (2002:43) bevestig bogenoemde en redeneer verderdat die jongmense met wie hulle vandag werk, verskil van die vorige generasies. Hulle is meer weetgierig, hulle het meer geleenthede en het meer potensiaal as enige persone van enige tyd vroeër in ons geskiedenis. Tog is dit juis hierdie generasie se jongmense wat meer depressie en druk beleef as enige generasie voor hulle. Judy (2000:15) noem dat in die afgelope jare die gedrag van die addolessent meer problematies geword het en dat hierdie gedrag ‘n bedreiging inhou vir die land.

# HOOFSTUK 3– SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEWE

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk kom die derde vraag van Osmer (2008) aan die orde, wat lui dat daar na die normatiewe riglyne gekyk moet word, soos wat deur die Skrif vertolk word aangaande die rol wat die kerk in die hantering van hierdie kwessie speel – naamlik **HOE** om moraliteit en jeug – uit te lig, en naamlik, "**Hoe behoortdie dinge in die AGS Rehobot-gemeente daar uit te sien?"** vir soverre dit die gedrag en lewenstyl van die jeug betref. Die bespreking van die vraag word aangepak deur middel van die Openbaringsgeskiedenis, meer spesifiek, die Heilsgeskiedenis; met ander woorde, wat die Bybel stel aangaande moraliteit en die jeug, en hoe die Skrif dit verduidelik. In paragraaf 1.4.1.1 is reeds genoem dat dit die oorkoepelende doelstelling van hierdie navorsing is om die verval onder die jeug van AGS Rehobot-gemeente in Upington aan te toon. Die sentrale teoretiese argument van die studie is dat die AGS Rehobot-gemeente in staat sal wees om, op grond van Bybelse riglyne en ander inligting, programme daar te stel wat magaandui hoe die morele verval onder jongmense voorkom, gestuit en omgekeer kan word. Verder, dat morele verval in watter vorm ookal, nie vir enige mens, gemeenskap of land goed is nie. Hiermee word gesuggereer dat die toestand in Upington nie deel is van God se plan vir die mense, en in die besonder die jeug, van die AGS Rehobot-gemeente van Upington nie.

Volgens die teorie van Osmer (2006:8), is die normatiewe taak van die Praktiese Teologie drie-ledig:

- In die eerste plek, behels die teologiese nadenke oor die probleem die refleksie van teologiese konsepte om bepaalde episodes, situasies en die konteks, te interpreteer. In die lig van wat ons van God weet (uit die Skrif self), ontstaan die vraag: "Wat is God se wil? Wat is die gepaste patroon van menslike optrede in sulke situasies?"

- In die tweede plek behels die nadenke die taak om etiese beginsels, riglyne en reëls wat relevant tot die konteks is, te vind, en om ŉ strategie of plan van aksie daar te stel.
- Derdens, behels ŉ ondersoek na die vorige en huidige gebruike van die Christelike tradisies wat normatiewe riglyne voorsien het, vir die inrigting van behoorlike patrone vir die "goeie" Christelike lewe.

## 3.2 MORALITEIT IN 'N BYBELSE PERSPEKTIEF

### 3.2.1 Inleiding

Strauss (2010:11) definieer die konsep "moraliteit in Bybelse perspektief" soos volg:

(i) dat die Bybelse perspektief of riglyne die moraliteit bepaal;

(ii) dat die Gees van God deur die Woord die mens se hart as sentrum van sy bestaan in sygreep kry en dit aandryf; en

(iii) dat die Woord en Gees van God die geestelike polsslag van die mens bepaal en vanuitsy hart, seine uitstuur wat van sy kroontjie tot in sy kleintoontjie deurwerk."

In die volgende paragrawe word na enkele gedeeltes in die Ou Testament gekyk, wat aanvul en byvoeg by wat reeds in vorige hoofstukke gesê is rakende morele verval, in watter vorm ook al, wat nie goed is vir enige persoon, dorp of land nie en wat die Skrif beveel hoe die jongmens behoort te leef. ŉ Verdere ondersoek deur die Ou Testamentiese tekste en daarna na die Nuwe Testamentiese tekste wat verwys na die jongmens se verantwoordelikheid, sal gedoen word volgens die Openbaringshistoriese metode, wat volgens Van der Walt (2006:21) kanhelp om die Bybel deur ander oë te lees en ook beter te verstaan.

## 3.3 OU TESTAMENT

- **EKSODUS 20:12**

Bosman (2009:119) verklaar die teksgedeelte: “Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee” (Eks 20:12), soos volg: Die vyfde gebod is die een wat eerbied en respek vereis vir die ouers. Al was Israel ŉ patriargale samelewing, was nie net die pa nie, maar ook die ma, eerbiedwaardig. Hierdie gebod is die enigste gebod waarin daar ŉ positiewe belofte vervat is, soos ook herhaal word in Deuteronomium 6:2, want alles gaan uiteindelik oor lojaliteit en gehoorsaamheid aan God, wat ŉ voorwaarde is om God se seën te ontvang. Van der Watt, e.a. (2003:219), noem ook dat gehoorsaamheid ŉ voorwaarde is om te bly deel in die seëninge van die verbond.

Gehoorsaamheid aan die wet is ten nouste gekoppel aan die herinnering van wat die Here alles in die verlede gedoen het en hiermee word gehoorsaamheid ŉ daad van dankbaarheid vir wat die Here in ons lewe doen, in die Nuwe Testament vervul (Efesiërs 6:2), waar Paulus dit herbeklemtoon deur te sê: “Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg” (Ef6:1-3). Die ouer-gebod funksioneer ook as brug tussen dié gebooie wat op God, en dié wat op die naaste betrekking het. Die Skrif vereis dat elke jongmens sy ouer(s) sal respekteer en aan hulle eerbied betoon. Dit geld egter nie slegs hul ouers nie, maar ook ander ouer mense binne die gemeenskap waarin hul leef, asook mense wat oor hulle aangestel is. Volgens die Skrif, is dit die eerste menslike plig om jou vader en moeder te eer, die nodige eerbied en respek aan hulle te betoon en die eenheid binne die familie vorm die fondament vir vrede en sosiale orde. Die onderhouding van hierdie gebod openbaar dat die jongmens wat dit gehoorsaam,ŉ goed beheerde karakter het en lê die grondslag vir die toekomstige veiligheid vir hom/haarself, sy/haar gemeenskap, en die samelewing in die land.Volgens Currid (2002:45), het God ŉ bepaalde hiërargie en struktuur vir die mensdom op aarde, waarvolgens die mensdom behoort te handel en op te tree, hierdie hiërargie en struktuur moet eerbiedig en gehoorsaam word.

Hamilton (2011:342) noem dat die vyfde gebod meer betrekking het op ŉ volwasse seun eerder as ŉ seun wat nog skool gaan. Hy noem verder dat eerbied aan ouers verder strek as net terwyl die ouers nog leef, maar selfs tot na die afsterf van die ouers. Enns (2000:420) haal aan dat hierdie gebod: "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee" (Eks 20:12), die begin van enige gemeenskap is en die vertrekpunt van elke menslike verhouding/gemeenskap, want dit sluit meer as net die eerbied aan ouers in, maar ook aan enige persoon in 'n gesagsposisie.

Selvaggio (2014:125) beklemtoon ook die feit dat die vyfde gebod gebaseer is op menslike verhoudinge, maar daar is ook ŉ sterk konnotasie oor ons verhouding met God, as gevolg van die ouer-kind verhouding. Hierdie verhouding van ouer-kind is ook ŉ weerspieëling van God se verhouding met ons. God openbaar Homself as ŉVader en gee ons die voorreg om Hom aan te spreek in daardie lig, volgens Galasiërs 4 vers 6. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat wanneer ons ons ouers eer, ons inderwaarheid ook God eer. Goldingay (2010:79) praat van "*arule of life*" en hy verwys daarna dat mense vir hulself sekere dinge en reëls neerlê waarvolgens hulle hul lewe inrig. Hy noem verder datEksodus 20:12 een van tien reëls is wat God as 'n lewensreël vir die bestaan van Israel insluit.

- **DEUTERONÓMIUM 6: 5**

Vanuit ŉ Christelike perspektief gesien, verwys moraliteit volgens Deuteronomium 6:5 daarna dat 'n mens sy hele hart aan die Here gee. Moraliteit is dit wat ons gedrag elke dag bepaal, wat die Here van ons vra. God vra jou hele hart: "Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag" (Deut 6:5). Hierdie teksgedeelte vorm die basis van moraliteit, daarom verklaar Van der Watt, e.a. (2003:219) dat gehoorsaamheid aan die wet ten diepste ŉ erkenning is van hierdie teks. Dit gaan nie hier oor oppervlakkige spiritualiteit nie, want die verwysing na hart, siel en krag impliseer dat ŉ mens met jou hele wese betrokke moet wees by die liefdesverhouding met die Here, jou God. Verder beaam van Rooy (2009: 240) hierdie liefdesverhouding wat berus op wedersydse liefde.

Hulle noem verder dat hierdie liefdesverhouding nie slegs vir Israel bedoel was nie, maar ook vir ons wat die nuwe verbondsvolk is. Van Rooy (2009:240) noem ook dat God mense op grond van Sy liefde as Sy volk uitverkies. Daarom moet ons as Sy volk leef in antwoord op God se liefde. Die Wet van God was nooit bedoel as 'n eksterne dwangbuis nie, maar moet deel van 'n gelowige se hele lewe word. God se woorde moenie net op bladsye van boeke geskrywe wees nie, maar wel op die tafels van ons harte. God se Woord moet die rigsnoer vir die gelowige se lewe wees en bly.

Dié liefde vir God behoort prakties uitgeleef te word, daarom noem Harman (2001:93) dat ons as mense liefdevol op God se liefde moet antwoord en hierdie liefde in gehoorsaamheid ten toon moet stel. Volgens Barker (2017:14), moet die mens God liefhê met hul hele hart en siel en al hul krag – met ander woorde, dit beteken dat dit hul **hele hart**,hul besluitneming, hul denke, en hul gevoelens insluit; terwyl hul**hele siel**,hul hele lewe beteken; en al **hul krag** met alles wat hul besit en aanpak beteken. God begeer, verlang al ons liefde. Barker noem dan verder dat die mens God moet gehoorsaam en ons liefde aan Hom bewys, en dit vereis 'n aksie vanaf die mens, daarom moet ons sy gebooie gehoorsaam.Work(2009:96) haal aan dat Moses sê dat, indien die mens nie die gebooie wat God neergelê het onderhou nie, die mens die vermoë verloor het om lief te hê, en selfs om God lief te hê. Payne (1985:48) vat dit 'n stappie verder wanneer hy noem dat geen halfhartige manier om God as die enigste ware God te erken, goed genoeg is nie. Hy noem verder dat daar verwag word soos 'n man wat al sy tyd by sy geliefde wil deurbring, so moet die mens ook al hul tyd probeer om God te vrede te stel.

- **PSALM 16:11**

Hierdie Psalm verwys na 'n gesonde moraliteit en verseker 'n lewe van kwaliteit. "U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand, vir ewig" (Ps 16:11). Dawid dink oor sy toekomstige vooruitsigte in die wêreld, maar sy woorde gee 'n dieper betekenis deur. Dawid is bly en vol vreugde omdat hy besef dat God hom nie in die steek laat nie,

maar aan hom openbaar die regte pad wat hy moet volg en hoe om reg te lewe. Dit was waar vir Dawid, asook enige ander gelowiges voor en na hom, omdat dit die waarheid omtrent God is. Dit beteken dat die mens by integriteit moet bly, om nee te kan sê vir dinge wat teen die Christelike lewenstyl indruis. Dit beteken ek sal my lewe inrig na die wil van God. ŉ Gesonde moraliteit ontstaan dus wanneer die Here deur sy Gees en Woord in die mens werk, om hom innerlik te verander, sodat hy hart en siel in Sy diens kan staan. Met verwysing na Psalm 16:9-11, het God se gawes ŉ positiewe uitwerking op die digter: hy is vol vreugde; en hy beleef blydskap. Die redes vir sy vrolikheid is: "…aan die doderyk sal U my nie prysgee nie; U wys vir my die lewenspad; in U teenwoordigheid is vreugde". Om bly te wees en veilig te voel is nie iets wat die Here net vir witbroodjies gereserveer het nie. Hy wil hê dat elke gelowige (en veral ook jongmens), bly moet wees en dat almal wat op Hom vertrou, veilig moet voel (da Silva *et al*, 2009: 754).

By nadenke oor wat die Here alles vir die mens gedoen het, sal besef kan word dat hierdie waarheid vir almal geld. Ons moet onthou dat God die mens gevorm het; dat Hy vir hom ŉ plek voorberei het; dat Hy die mens in staat stel om Hom te ken; dat Hy hom insig gee vir sy doel met die lewe en dat Hy die mens lei om te doen wat Hy van hom verwag. As die mens dit doen, sal hy soos die digter bly wees, veilig voel en God daarvoor loof (Van Rensburg & Nel, 2009:754). Lane (2006:85) noem dat Dawid voortgegaan het om die pad wat God aan Hom bekend gemaak het, te bly volg. Hieruit spruit twee belangrike dinge: (i) om in God se teenwoordigheid te leef nou en (ii) om die ewige lewe te verwag, en hieruit is ware vreugde en plesier te vind. Volgens Terrien (2003:179), verdiep die psalmis se geloof en hy kan vooruit voorsien hoe sy lewenspad daaruit sal sien."U sal my die pad van die lewe bekend maak…" noem Terrien (2003:179), dat God ŉ stel reëls/riglyne sal neerlê hoe die psalmis behoort te leef vir die res van sy lewe. Harman (2011:177) maak melding daarvan dat die psalmis verlang om die leiding van God te ervaar tydens die wandeling op sy lewenspad, want dan is hy verseker dat hy vreugde en bevrediging sal beleef. Goldingay (2006:233) bevestig wat reeds voorheen genoem is, naamlik dat God vir die psalmis sy lewenspad bekend sal maak en dat God dit sal voorsien wat die psalmis nodig het. Kraus(1993:241) noem dat God juis die psalmis stil lei

deur dreiging met die dood. Kraus noem dat God naby die psalmis is, daarom kan die psalmis met blydskap sy lewenspad stap.

- **PSALM 119:9-16**

Volgens Da Silva *et al.*(2009:847), verwys Psalm 119:9-16 daarna dat, wanneer die mens die Bybel ernstig bestudeer, die mens die vrugte daarvan sal pluk. Dit moet egter gepaard gaan met die gebed: “Moenie dat ek afdwaal van U gebooie nie”. Dan ontdek die mens dat dit ons weerhou van sonde sodat die voorskrifte ons laat verlustig in God se beloftes. “In U voorwaardes het ek my verlustig soos ŉ mens bly is oor rykdom. Ek sal my verbly in U voorskrifte en U Woord nie vergeet nie”. Hierdie dinge is nie net waar vir bejaardes nie, maar juis waar vir die jongmens (Ps 119:9), omdat dit jou leer hoe om “opreg” en “reg” voor God te lewe. Psalm 119:9-16 gee die medikasie vir sonde soos volg: “Al hierdie sondes moet die knie buig voor die ware invloed van die Woord van God”. Daarom, die behoefte van die digter en die deursettingsvermoë van die psalmis om waaksaam en getrou te wees. Die digter het dit gedoen: “…en hy kyk na God om die Woord te verstaan en vir hom te openbaar”. Hierdie waarhede in die Woord wil hy met andere deel en sy eie emosies dwing om gehoorsaam te wees aan die Woord van God deur aan die Woord sy volle aandag en konsentrasie te gee. Die digter besef die belangrikheid om nie van die Woord van God af te wyk nie, want hy begryp dat dit hom weerhou van gevare en van die kwaad.

Lane(2006:128) redeneer dat die Woord van God die mens uit daagom die geopenbaarde Woord meer te waardeer en dat ŉ mens nie te nie veel kan dink of sê oor die Woord van God nie. Lane noem verder dat die primêre doel van die Bybel is om die mens te leer om God te ken,om vir die mens die rykheid van die Woord te wys, en die seëninge wat die mens kan onttrek vanuit die Woord van God.

Terrien(2003:800) meld dat die psalmis homself voorstel as ŉ jongman, en die behoefte om sy pad suiwer te hou, beteken vir hom as ŉ nie-volwasse man, dat dissipline moeilik is om te verkry en te onderhou. Kraus (1993:415) noem dat die lewe van die jongman sal skoon wees as hy God bly volg en getrou aan Hom

bly.Goldingay (2008:386) beskryf dat God se Woord ŉ tweeledige inhoud bevat, wat ŉ opdrag en belofte insluit. Ons moet beide doen deur te leef volgens God se opdragte en so te verseker dat God se beloftes vervul word.

- **PSALM 144:12**

Dawid bid vir die jeug. Net soos Dawid, skryf da Silva (2009:867), "mag ons ook bid dat God ons kinders sal seën". Psalm 144:12 is deel van 'n gebed van Dawid, waar hy bid vir die seuns en dogters van sy volk: "Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare, uitgebeitel soos vir 'n paleis" (Ps 144:12). Dawid vra eintlik twee dinge: "Dat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug". God het seuns in hierdie wêreld geplant. Hy het hulle êrens geplaas… in 'n huis, in 'n gesin, in 'n gemeente, in 'n skool, in 'n dorp soos Upington, in Suid-Afrika, in hierdie tyd. En Hy het daarmee 'n doel gehad, soos daar byvoorbeeld in Jeremia 1:5 van die profeet gesê word: "Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel." God weet wat sy doel met elkeen is; Hy het Moses geroep om die Israeliete uit Egipte te lei, Noag om 'n ark te bou, en Dawid om Goliat te verslaan. Daarom moet die jeug na God vra, sodat hulle kan weet waarna hulle moet strewe en watter doel hulle moet najaag.

Dawid bid ook dat seuns opgekweek moet word in hul jeug. Met ander woorde, Dawid praat daarvan dat hierdie plante (seuns) opgekweek is: Die plante (seuns) is nie aan hulleself oorgelaat nie. Hulle kan nie maar groei soos hulle wil, of self sien en kom klaar nie. Die plante (seuns) moet versorg en natgemaak word. Hulle moet bemes en gesnoei word. Dit is die taak van die ouers, die kerk, en die skool wat moet help om die plante (seuns) te vorm. Hierdie kweekwerk moet in hul jeug plaasvind. Die boompie moet gebuig word solank hy nog jonk is. En daar moet vroeg in hulle lewe aan die seuns aandag gegee word. In hulle jeug moet hulle opgekweek word, voordat hulle verkeerd kan gaan, verongeluk, ontaard of skipbreuk ly!

Dogters moet wees soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van ŉ paleis. ŉ Hoekpilaar speel ŉ sleutelrol; as hierdie pilaar breek, val die gebou om. Dogters moet wees soos hoekpilare, want hulle is die vroue van die toekoms. Die vroue speel ŉ belangrike rol: Hulle neem ŉ sentrale plek in die huisgesin, die gemeente en in die samelewing in. Daar moet op hulle staatgemaak kan word juis omdat daar so swaar op hul geleun word. Hulle is onmisbaar. Die hoekpilaar is die belangrikste steunpilaar in die gebou. En nou bid Dawid dat die dogters van sy volk sal wees soos hoekpilare, want veel hang van hulle af. As hulle breek, ingee of versleg, val die "huis", gaan die kerk agteruit, sterf ŉ volk. Dan stort alles in duie. Dawid vra dat hulle uitgebeitel moet wees! Dawid begeer sulke dogters wat uitgebeitel/uitgekap is vir sy volk. Hulle moet geslyp wees, toegerus wees en afgerond word; goed gemanierd, hoflik en verfyn wees, maar volgens die boustyl van ŉ paleis. Vir ŉ paleis word slegs die beste gehalte materiaal gebruik en die beste vakmanskap word ingespan. Die paleis is die woonplek van die koning.

Lane (2006:218) vermelddie hoofrede waarom Dawid bid tot God vir die jongmense,omdat hy God vra vir oorwinning sodat hulle, die jongmense, Sy wil kan doen en Sy beloftes maggeniet; want onder ŉ Filistynse bewind sal dit nie doenbaar wees nie.Terrien (2003:900) toon aan hoe die psalmis bid tot God dat die kinders, seuns en dogters, gesonde kinders sal wees en die mooiheid van die seuns en dogters word uitgebeeld deur die estetiese neigings en voorspoed van daardie tyd. Kraus (1993:543) maak melding van oorvloedige seën op die seuns en dogters van die mense. Kraus noem dat die dogters juis vergelyk word met die duursame boustyle van daardie tyd.

- **JEREMIA 29:11**

Hierdie vers bevat een van die kragtigste beloftes in die Bybel. Wanneer God na hierdie generasie kyk, sien Hy ŉ generasie met hoop en ŉ toekoms (Botha, 2009:1058). In Jeremia 29:11 verklaar die profeet: "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie. Ek wil vir julle ŉ toekoms gee, ŉ verwagting". Met God se bedoeling dat die mens nie ŉ fout is nie. Hy wil voorspoed

gee, nie teëspoed nie; hoop vir die toekoms. God wil hê dat die mens na Sy wil sal vra en Hom sal ken. God het planne vir ons jeug/jongmense. Hierdie vers bevat ook twee woorde wat vreemd is vir vandag se samelewing, naamlik: “hoop” en “toekoms”. Gegewe die verslegtende omstandighede in ons land, is talle jongmense moedeloos en sonder hoop. Tog gee die Bybel vir ons daarin ook rigting.

ŉ Oortuiging is iets waaraan ons vashou of vas aan glo. ŉ Mens se oortuiging definieer wie jy is en dit beïnvloed jou besluite en bepaal jou karakter. “En Daniël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie…” (Dan 1:8). Daniël en sy vriende was jong seuns wat volgens hul oortuigings geleef het, selfs in ballingskap. Van Rensburg en Nel (2009:1166) wys daarop dat die vier jong seuns geweier het om die koning se kos te eet, endit is ŉ duidelike teken van hulle toewyding aan God. Daniël en sy vriende het met buitegewone uitdagings in ŉ vreemde land te doen gehad. Hy was maarŉ tiener toe Jerusalem deur Nebukadnesar ingeval is. Daniël en sy vriende is as krygsgevangenes weggevoer. Hulle moes kos vanaf die koning se tafel eet, maar hulle het sterk oortuig gevoel om nie van die kos te eet of van die wyn te drink nie. Hierdie kos was eers aan afgode geoffer voordat dit aan hulle te ete gegee is, en omdat hulle geweet het wat God van hulle verwag, het hulle vergunning gevra om dit nie te eet nie. Daniël en sy vriende was beginselvaste jong manne en het gestaan by wat hulle geglo het, ongeag wat hulle in ŉ vreemde land, vreemde kultuur en vreemde taal aangebied was. Hulle het nie hul oortuigings gekompromitteer nie. Botha (2009:1166) noem verder dat die verteller verduidelik dat dit vrug dra om aan God getrou te bly.

Hierdie voorbeeld uit die Skrif kan verder toegelig word uit die geskiedenis van Josef, die seun van Jakob. Hy was ŉ slaaf in Egipte en is deur sy heer, Potifar, se vrou uitgenooi om by haar te lê en met haar gemeenskap te hou. Maar Josef het nie geaarsel om homself af te vra nie: “…hoe kan ek hierdie groot kwaad doen en sondig teen God?” (Gen 39:9). Vir Josef was dit eenmaal verkeerd, want dis nie hoe hy geleer is om te doen nie. Jones(1992:364) noem dat die “hoop” waarvan gepraat word weereens die belofte bevestig wat aan Abraham gemaak was, dat Israel ŉ rol gaan vertolk in God se plan. Hierdie plan verwys na ŉgoddelike doel en voorsiening

in die lewe van Israel en die mens, wat uitgebrei word na ŉ toekoms en na hoop vir hulle. Ryken(2001:420) beskryf God se plan as ŉgoeie,beloofde en bekende plan wat vir almal, vanaf die uitgeweekte bannelinge tot die kerk vandag, bedoel is. Fretheim (2002:404) verwys na ŉ goddelike plan/ingryping van herstel vir die toekoms.Dearman(2002:262) beskryf dat vers 11 praat van die genadige belofte wat God se plan van voorspoed beskryf en ‘n toekoms en hoop vir sy mense bevat.

### 3.2.1 Samevatting oor moraliteit in die Ou Testament

Uit die voorafgaande bespreking van enkele teksgedeeltes uit die Ou Testament, kom dit duidelik na vore dat God verlang dat die mens volgens Sy voorskrifte en beginsels moet lewe. ŉGesonde moraliteit moet volgens die Skrif van die begin af, van jongs af, aangeleer word en dit verg baie moeite, veral van die ouers en opvoeders se kant, want die jeug is sondige mense wat geleer moet word hoe om reg te lewe. Dit kan net gedoen word deur God eerste in jou lewe te stel, jou ouers te eer en te gehoorsaam, en om te leer om nee te sê vir alles wat buite God se wil val. Deur aan hierdie basiese waarhede getrou te wees, sal ŉ mens gelukkig wees en God sal sy oog oor hom/haar hou.

## 3.4 NUWE TESTAMENT

### 3.4.1 Inleiding

In die volgende paragrawe word na enkele gedeeltes in die Nuwe Testament gekyk om by te voeg by wat reeds in die Ou Testament bevind is. Hierdie gedeeltes is ook gekies om te beklemtoon hoe die jongmens behoort te leef tot eer van God, en te leer wat God van hul verwag en hoe hulle behoort op te tree.

- **EFÉSIËRS 2:5b**

Die basis van ŉ gesonde moraliteit is dat jou hart en siel aan die Here moet behoort en dat ons die Here moet dien met hart en siel en al ons kragte. God neem die inisiatief om ons te red: "… uit genade is julle gered" (Ef 2:5b). Die mens moet egter antwoord op God se genade. God kom met Sy liefde na ons en ons moet antwoord op God se liefde; dus, ŉ wederkerende liefde. Omdat hy God liefhet, sal die mens nie steel nie, nie moord pleeg nie, ensovoorts, maar die sondige begeertes en sondige wense verwys na die natuurlike geaardheid van die mens, en soos wat Janse van Rensburg (2009:1869) dit beskryf, is die mens van nature geneig om nie die goeie te doen nie. In die Nuwe Testament word ook gewys op die sondige begeertes van die mens. In Romeine 7:18 en 8:3 verwys Paulus na die mens se sondige natuur. Die mens, en veral jongmense, is geneig om hulle deur hulle natuurlike drange, hulle natuurlike geneigdheid (1Pet 2:11), te laat beheers en nie deur die Gees van God nie (Jud v 19). Die Christen se roeping is om deel te kry aan God se natuur en só vry te kom van die proses van agteruitgang, wat as gevolg van die geneigdheid van ons menslike natuur, oral alles en almal laat sleg word (2 Pet 1:4). Omdat Jesus Christus ons vrygemaak het van die sonde, kan die jongmens hom van die kwade en die slegte wegkeer. Ons lewe word daaromŉ dankbare uitleef van die Tien Gebooie (Eks 20:12), nie as ŉ dwingende noodsaaklikheid nie, maar as die dankbare navolging van die rigtinggewende bakens op die pad van die lewe.

Paulus wys ons daarop (Ef 2:1-10) dat die gelowiges vroeër geestelik dood was as gevolg van ŉ verkeerde lewe en sondes, maar dat God hulle saam met Christus Jesus lewend gemaak het om die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, te kan uitlewe (Van Rensburg & Nel, 2009: 1868). God se onverdiende redding bring ŉ wortelverandering in ŉ mens se lewe. As gelowige werk jy nie vir ŉ beloning nie. Jy het 'n geskenk (jou redding) gekry, en nou doen jy goeie dade omdat jy dankbaar is vir die geskenk (Van der Watt, e.a. 2003:219).Hoehner (2008:49) stem saam hiermee dat die gelowige lewend gemaak is deur Christus as gevolg van God se onverdienstelikeen onverdiende guns teenoor sondaars deur aan hulle redding te bied. O'Brien (1999:167) beskryf dit soos volg:Omdat God die gelowige lewend gemaak het en aan die gelowige die lewe gegee het, het die gelowige die

verantwoordelikheid om hierdie verhouding met God te koester en na te jaag. Heine(2002:125) noem dat die gelowige niks aan God kan teruggee vir wat Hy aan die gelowige gedoen het nie, die gelowige is slegs uit God se groot genade gered en lewend gemaak.

- **EFÉSIËRS 6:1-3**

Hoehner(2008:121) noem dat kinders se gehoorsaamheid aan hul ouers parallel is aan kinders se gehoorsaamheid aan God, en word geopenbaar deur hul eerbied en respek teenoor hul ouers. Hoehner noem verder dat dit ondersteun word in Kolossense 3:20, wat verwag dat kinders hul ouers in alles gehoorsaam moet wees, want dit is die Here welbehaaglik. Om ouers te gehoorsaam demonstreer kinders se verantwoordelikheid as vrye morele agente om hierdie instruksie uit te voer voor God. Hoehner (2008:121) noemdat Paulus die Ou Testamentiese gedeelte in Eksodus 20:12 en moontlik Deuteronómium 5:16 aanhaal, wat 'n belofte insluit om kinders te herinner aan hul verantwoordelikheid aan hul ouers.

Slater(2012:160) stem saam met dit wat Hoehner reeds genoem het, naamlik dat Efesiërs 6:1-3gebaseer is op Kolossense 3:20, en dat van kinders verwag word om hul ouers te respekteer en te eerbiedig.Collins (2005:164) noem dat kinders in die Bybel gesien word as gawes van God wat vreugde en hartseer kan bring. 'n Mens moet jongmense liefhê, hulle eer en as mense respekteer. In God se koninkryk is hulle belangrik en moet hulle nie kwaad aangedoen word nie. Aan kinders word ook verantwoordelikhede opgedra: hulle moet hulle ouers eer en respekteer (Eks 20:12), na hulle omsien, na hulle luister en hulle gehoorsaam. “Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg” (Ef 6:1-3 in die 1953-vertaling). Paulus kritiseer ongehoorsaamheid in die kinderjare uiters sterk, maar dit lyk onwaarskynlik dat van kinders verwag word om vir ewig, onder alle omstandighede, gehoorsaam te wees: As ouers van kinders verwag om iets te doen wat onskriftuurlik is, moet hulle onthou dat God se wette altyd voorrang geniet bo die opdrag van 'n mens. Volgens van Rensburg (2009:1879), het ouers en kinders 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar. Kinders moet hulle ouers eer, ook as hulle veeleisend en selfs onredelik is. Ouers, aan die anderkant moet hulle kinders met

liefde grootmaak, selfs as hulle ongehoorsaam en onaangenaam is. Om te gehoorsaam en te eer is twee verskillende dinge (Ef6:1-2). Van Rensburg (2009:1879) meen ook om te gehoorsaam, beteken dat jy doen wat jou ouers van jou eis, en om te eer beteken dat jy respek en liefde betoon. Kinders moet gehoorsaam wees totdat hulle nie meer onder hulle ouers se gesag staan nie, alhoewel lewenslange eerbiediging steeds voortgaan. O'Brien(1999:439) beskryf dat die instruksies aan kinders om hul ouers te gehoorsaam, deel is van die Goddelike rangorde wat deel moet vorm van die karakter van 'n geesvervulde lewe van diegene wat in Christus Jesus lewend gemaak is.Heine(2002:243) noem dat kinders hul ouers moet gehoorsaam, eerbied betoon en respekteer en nie dinge doen wat in kontras staan met die wil van God nie.

- **1 TIMOTEUS 4: 6 – 16**

Milne(1996:78) noem dat Paulus die jongman,Timoteus, aanspreek deur aan hom te sê dat hy getrou moet wees aan sy roeping en doel, dat hy moreel onberispelik en prysenswaardig moet leef. Dit is hierdie kwaliteite wat vir God aanneemlik en bruikbaar is. In 1 Timoteus 4:6-16, gee Paulus aan Timoteusopdragte vir sy persoonlike lewe. Volgens 1Timoteus 4:6-10, vra Paulus vir hom: is jy liggaamlik en geestelik fiks? 'n Mens kan maklik verlei word om net aandag aan jou liggaamlike welstand te gee, want dit is die faset van jou lewe wat vir almal duidelik sigbaar is. Uit hierdie teks blyk dit egter duidelik dat die mens die verantwoordelikheid het om in die eerste plek te sorg dat hy geestelik fiks is, dat hy oefen om in toewyding aan God te lewe. Dit gebeur onder meer wanneer 'n mens die gawes wat God hom gee, in diens van ander in die gemeente (en gemeenskap*)* gebruik (Vergeer, 2009:1955).

Paulus waarsku Timoteus verder volgens 1 Timoteus 4:12-13, dat ouer gelowiges (*ouer mense, my byvoeging*) maklik kan meerderwaardig wees teenoor iemand wat nog jonk is. Paulus wys egter vir Timoteus hoe hy daarop moet reageer: Hy moet 'n voorbeeld stel, in woord en gedrag, van wat dit beteken om lief te hê, om te glo en om rein te lewe (Van der Watt, e.a. 2003:810). So sal selfs iemand wat jonk is, naderhand groot respek verdien. Dieselfde geld vir vandag, en in besonder vir die jeug van vandag: as 'n jongmens ervaar dat (ouer) mense minder van hom dink as

wat hy weet hy werd is, moet hy/sy aanhou goeddoen, en steeds ’n voorbeeldige lewe lei. God sal Sy seën daarop laat rus. Gloer (2010:173)stem saam met Van der Watt, deur te sê dat Timoteus’n rolmodel moet wees in vyf tipesaktiwiteite:(i) woord, (ii) gedrag,(iii) liefde, (iv) geloof en (v) reinheid. Gloer gaan verder deur te redeneer dat hy hom vermaan om aandag daaraan te gee.Marshall (2004:547) vat dit soos volg saam, deur te sê dat goeie onderrig hand aan hand gaan met ’n goddelike leefstyl. Marshall gaan selfs verder deur te sê dat daar klem gelê word daarop dat Timoteus ‘n voorbeeld moet wees.

- **2 TIMOTEUS 1:5 en 2 TIMOTEUS 3:15**

Volgens Vosloo (1993:1877) yk ’n mens sy waardes, of dit nou doelbewus is of nie. Volgens Labuschagne en Eksteen (2007:1114), beteken “yk” om waardes te ondersoek en dan te merk, of te stempel; te bevestig. So yk kinders dikwels hulle waardes op dié van hulle ouers. Dit beteken gewoon om navolgenswaardige waardes na te boots. Die ouers funksioneer as’t ware as model vir die kinders, en die kinders probeer hulle ouers nadoen. Ons gebruik in Afrikaans die idioom wat hierdie waarheid baie mooi onder woorde bring: “Die appel val nie ver van die boom af nie.” Timoteus is ’n goeie voorbeeld van iemand wat deur ’n godvresende familie beïnvloed is, en wat aan die waardes wat hy van kleinsaf geleer het, getrou gebly het (2 Tim 1:5; 3:15). Milne (1999:78) noem dat Timoteus vanaf sy kindsbeen opgegroei het in die waarhede van die Skrif, deur sy grootouers. Milne gaan verder deur te sê dat Timoteus geleer het hoe om hierdie waarhede wat hy geleer het, in die lewe/praktyk toe te pas.

As kinders het ons mekaar as vriende graag uitgedaag om iets waaghalsig te doen, om byvoorbeeld aan ’n kwaai oom se deur te klop (Retief, 2007:7). Wanneer ’n mens groter word, is die uitdagings steeds daar – hulle lyk net anders. Nou begin die uitdagings meer gaan oor beginsels en standpunte, as om net aan die kwaai oom se deur te klop. Dit raak nou ernstiger keuses wat jy moet maak as bloot net te besluit of jy kans sien om skool te bank. Ook die gevolge van hoe jy op hierdie uitdagings reageer, raak al hoe aangrypender – hoe ’n mens sy lewe leef en watter morele waardes hy uitleef. “Uitdaging(s)” beteken: ’n handeling van uit te daag; tot die stryd

oorgaan; mededinging oproep, uittart (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, 1997:1183). Eintlik daag die lewe die mens self uit. Hy kom elke dag in situasies waar hy gemeet word, waar mense hom beoordeel. Die Here self is by elke uitdaging betrokke. Sy Evangelie daag die mens uit om te leef soos Jesus Christus geleef het. Net so vra Dawid in Psalm 139:23-24 die Here om hom te deurgrond, om hom te toets, sy gedagtes te ken, te kyk of daar ŉ weg van smart is en hom te lei op die ewige weg, want hy wou graag reg leef. Die "reg" leef wat Dawid versoek, gaan gepaard met verantwoordelikheid.

Viviers (2000:83) wys daarop dat wanneer ŉ mens baie klein is, ander mense namens hom besluite neem omdat hy nog nie die verantwoordelikheid van sy keuses kan dra nie. Omdat ŉ mens se ouers of ander grootmense namens hom keuses maak, moet hulle ook die gevolge daarvan dra. Wanneer hy groter word, moet hy self keuses maak. Hy moet dan ook die verantwoordelikheid aanvaar en self die gevolge van sy keuses dra. Hoe ouer ŉ mens word, hoe groter word die keuses wat hy kan uitoefen en hoe meer keuses moethy maak. Hoe groter en meer die keuses word, hoe groter word ook die gevolge;hoe groter die gevolge van sy keuses, hoe groter die verantwoordelikheid wanneer hy die keuses maak. Milne (1999:130) sê dat Timoteus se geloof suiwer was en sonder enige voorgee, omdat dit geleef het in sy hart en die vrugte daarvan duidelik waarneembaar was deur almal.

Om "reg" te lewe is om met integriteit, moraliteit en opregtheid te lewe. Dit is om jou te oefen en op die regte weë te begewe. Moraliteit is ŉ diep gewortelde gewoonte, ŉ karaktereienskap; wat jy is en doen wanneer jy alleen is. Dit is die ongevraagde "moets" en "moenies", dit is die onderliggende ingesteldheid van die "gewete" van die mens. ŉ Geesvervulde mens het ŉ outomatiese sirene wat afgaan as dit te warm word… soos die spreekwoord lui: "Jy kan nie help dat ŉ voël oor jou kop verbyvlieg nie, maar jy magkeer dat hy op jou kop nesmaak!".Daarom noem Milne(1999:166) dat, juis as gevolg van Timoteus se grootwordjare en onderrig deur sy grootouers, dit aanleiding gegee het tot sy diepe oortuiging, stabiele karakter en sy sensitiwiteit vir goddelike dinge.

- **2 KORINTIERS 5:17**

Vir Paulus fokus die morele verpligting van die mens op ŉ radikaal nuwe realiteit. Dit is veel meer as net ŉ herrangskikking van sekere aspekte van ŉ mens se vorige lewenswyse. Om "in Christus" te leef, beteken om ŉ totaal nuwe skepping te word (2 Kor 5:17); ŉ nuwe lewe wat God self in aansyn bring. Paulus vergelyk hierdie goddelike daad met God wat lewe uit die dood verwek (Rom 4:17; Ef 2:1-10). Die doel van hierdie aksie is niks anders as ŉ volkome oorgawe aan Christus nie; om aan Christus gelykvormig te word met ŉ mens se hele wese. Vir Paulus is die kern van die morele lewe, derhalwe, die navolging van Christus (Rom 15:7; 2 Kor 10:1; Ef 5:25), of die navolging van God na die voorbeeld van Christus (Ef 4:32; 5:2). In lyn met hierdie fokus dien die morele lewe as voorbeeld waarvolgens gelowiges hulle lewe kan inrig, volgens diegene wat Christus navolg, en sodoende as voorbeeld te dien vir ander om na te volg. Dus bemoedigPaulus die Korintiërs met die woorde: "Volg my voorbeeld na, soos ek die voorbeeld van Christus navolg" (1 Kor 11:1; 1 Kor 4:16-17; Fil 3:17; 1 Tess 1:6-7; 2:14). Grogan (2007:144) beskryf dat ŉ gelowige se sienswyse radikaal verander wanneer die gelowige hom tot God bekeer, want dan sien hierdie persoon eers wat God gedoen het vir hom/haar aan die kruis. Grogan maak verder melding dat dit ŉrevolusionêre uitkyk is na mense en optrede van self. Matera (2003:135) stem saam met Grogan, wanneer hy noem dat Paulus se siening radikaal positief beïnvloed is deur wat God gedoen het aan die kruis en dat dit so ŉ betekenisvolle indruk op sy uitkyk en siening van mense en sy optrede gemaak het. Minor(2009:112) noem dat Paulus se huidige toestand, sy manier van lewe en uitkyk, die gevolg is van die liefde van God. Gevolglik het dit ook implikasies vir die gelowige, wat nie net in 'n nuwe verhouding met God staan nie, maar ook met ander mense.

### 3.4.2 Samevatting oor moraliteit in die Nuwe Testament

Volgens die Skrif is moraliteit vir jongmense dat hulle ŉ voorbeeld moet stel, ŉ voorbeeld wat navolgenswaardig moet wees. Hierdie voorbeeld wat gestel word, moet soortgelyk wees aan die voorbeeld wat Christus gestel het.

## 3.5 PASTORALE PERSPEKTIEWE:Konstruksie van etiese norms

Pastorale berading behoort te fokus op die sosio-kulturele sisteemdenke wat allesomvattend is van die mens binne sy leefwêreld. Om die regte pastorale analise te maak, wys Magezi (2007:665) daarop dat die proses van ondersoek nie net moet konsentreer op die konstruktiewe en destruktiewe rol wat die gemeenskap speel nie, maar breër moet kyk na ander faktore wat ook bydraend tot die situasie kan wees.

Die apostel Petrus roep ook al die gelowiges op om nederig in mekaar se diens te staan, ook om die jongmense te lei, en hulle moet dit ter harte neem (1 Pet 8:8-11). Hulle is sterk, in staat om die Woord van God deel te maak van hulle lewe, hulle kan Satan oorwin (Janse van Rensburg & Nel, 2009:2072). Petrus noem verder dat hulle standvastig in die geloof bly en nie toelaat dat lyding hulle dwing om die reg in eie hande te neem nie. Daar word van hulle verwag om gehoorsaam te wees aan bejaardes en hulself te beheer. Ook moet hulle hul in nederigheid onderwerp aan die kragtige hand van God, sodat Hy hulle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. Petrus merk ook op: "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle" (1 Pet 5:7).

Nog 'n outeur, Nel (2003:156), noem dat elke mens kan word soos die mens wat God hom/haar bedoel het om te word deur die bemiddeling en medewerking van ander mense. Hy verduidelik verder: "*The 'other helps me' to understand and celebrate my initiatedness, to give guidance in 'picking up' the voice of the ever present God (the function of the Torah in the Bible), and to discern the will of God (cf Firet 1986:52-68). On your own, alone, you miss just too much to become the person God intended you to be."*

Strauss (2010:11) wys verder daarop dat die volgende perspektiewe onontbeerlik is vir 'n gesonde moraliteit:

(i) God die Vader werk deur Sy Seun as skeppings- en herskeppingsmiddelaar, en deur Sy Gees as die groot Toepasser van Sy skeppings-en herskeppingsplan in die mens, as kroon van die skepping en in die skepping. Hy doen dit uit liefde en genade en vra ons om Hom met hart en siel en al ons kragte lief te hê en te dien.

(ii) ʼn Gesonde, verantwoorde basis vir moraliteit in die totale lewe is die Tien Gebooie van God. Dit is die konstantes wat in elke nuwe tyd opnuut toegepas kan word en nie ʼn skewe konserwatisme of verstardheid nie.

(iii) Moraliteit vra, Bybels gesien, ʼn lewe van integriteit. Integriteit in die Bybels-Christelike sin van die woord is nie net om mens van jou woord te wees nie. Dit is ook om ʼn konsekwente Christen te wees: met jou meisie, jou vrou of jou kinders, as vriend deur dik en dun, as rugbytoeskouer in Suid-Afrika, as een by wie ander se eiendom en se belange veiliger is as by hulleself, met staatseiendom, as iemand wat nie val vir elke versoeking om te steel, korrup te wees, jouself te prys of seksuele en sosiale grense oor te steek nie.

(iv) Moraliteit vra uit ʼn Bybelse oogpunt, dat jy aanspreeklik én aanspreekbaar is. Nie omdat mense met jou praat of jou eie aanvaarbaarheid of gewildheid daarvan afhang nie, maar omdat God deur mense met jou oor ‘n Bybelsgefundeerde moraliteit praat.

### 3.5.1 Sosiale netwerke

Ons werk met jongmense/adolessente en wat die kerk en ouers moet besef, is dat hierdie jongmense weg beweeg van afhanklikheid en die beskermende grense van die gesin en begin om relatief onafhanklik en sosiaal meelewend te word. Die kerk en ouers moenie te voorskriftelik raak nie. Gee liewer die nodige inligting en leer hom/haar om van kleinsaf (Sondagskooldae) die regte waardes te leef, en hoe om verantwoordelike keuses te maak en verantwoordelikheid vir sy/haar optrede te aanvaar. Sorg dat jy hom/haar bemagtig en terselfdertyd duidelike riglyne gee en grense stel vir sy/haar optrede en eie verantwoordelikheid. Waak daarteen om hom/haar doodverskrik te maak vir alles wat moontlik met hom/haar kan gebeur.

### 3.5.2 Religieuse besonderhede

Soos genoem in Hoofstuk 1, is die kerk ʼn genesende gemeenskap (Collins, 2005:9). Genesende gemeenskappe is groepe mense wat gekenmerk word deur intense

toewyding aan die groep in die genesing van sielkundige-, gedrag- of geestelike kwale. Wanneer groepsessies deur ‘n sensitiewe leier aangebied word, kan dit werklik ‘n doeltreffende terapeutiese ervaring wees vir almal wat daarby betrokke is.

Die jeug van die AGS Rehobot-gemeente staan voor die uitdagings om belangrike besluite te neem, wat bepalend gaan wees vir die res van hulle lewe. Dit behels besluite oor waardes, geloof, identiteit, loopbane, lewenstyle en verhoudings met ander mense, daarom is dit belangrik om in gedagte te hou wat in Hoofstuk 2 gesê is. Dit is duidelik dat God verlang dat die mens, en in hierdie geval die jongmens, volgens Sy beginsels moet lewe. 'n Gesonde moraliteit volgens die Skrif begin van jongs af, deur God eerste te stel, sy/haar ouers te gehoorsaam en te leer om nee te sê vir alles wat buite Gods se wil val. Deur aan hierdie basiese waarhede getrou te wees sal 'n mens gelukkig wees en God sal sy oog oor hom/haar hou. Die filosowe stem saam met die Skrif wat as ‘n gesonde moraliteit beskryf, want in Hoofstuk 3 veranderhulle die vraag van “Wat is goeie gedrag en wat is reg en verkeerd?” na “Wat konstitueer ’n goeie persoon?” en val die klem by karakteropvoeding voortaan op die karakter en die deugde van die morele agent.

Terapeutiese groepe is dus nodig wat mense, in die geval die jeugdiges van die AGS Rehobot-gemeente,kan help om die daaglikse uitdagings van die lewe die hoof te bied. Die kerk moetdié wat swak is ondersteun, genesing bring aan belaste jongmense en leiding gee wanneer jongmense besluite moet neem en tot volwassenheid moet groei.

### 3.5.3 Seksuele houding

Volgens Collins (2005:184), word seksuele drange meer intens, veral in die seuns, wanneer kinders ouer raak. Beheer daaroor raak moeiliker, veral as gevolg van groepsdruk, en dit verklaar juis waarom daar vanuit die navorsing in Addendum 1 aangetoon kan word dat 40% van die AGS Rehobot-gemeente se jeug al seks gehad het, en 15% gereeld seksueel aktief is. Daarom moet die AGS Rehobot-gemeente as 'n genesende gemeenskap gesprekke oor seks, drank en dwelms aanmoedig. Die kerk en die ouerhuis moet sorg dat hulle die nodige kennis het en

leer om regtig na hul kinders/tieners te luister en te probeer om hulle vrese en probleme te verstaan. Hulle moet betrokke raak by hul kinders se bedrywighede by die skool en kerk en hulle vriende leer ken sonder om hulle te veroordeel.

### 3.5.4 Verhouding met ouers/broers/susters

Collins (2005:184) noem dat ‘n nuwe gees van onafhanklikheid van die ouers ontwikkel en saam daarmee soms ‘n toename in konflik tuis, omdat ouerlike waardes bevraagteken word.

In Hoofstuk 2, volgens die media (Beeld, 22 April 2010), is “Die verantwoordelikheid dus in die eerste plek op ouers se skouers om betrokke te raak by hul kinders en waardes aan hulle oor te dra sodat hulle gebalanseerde, gesonde jongmense sal wees met hoop vir die toekoms – en ’n wil om te leef”.Begin daarom by jouself: Hoe lyk jou leefstyl? Is jy 'n goeie rolmodel vir jou tiener/kind? Hou die kommunikasiekanaal oop. Moedig gesprekke aan. Bly kalm as jy uitvind jou kind is by slegte vriende of dinge betrokke. Soek professionele raad en maak seker dat kind weet dat jy hom/haar lief het.

## 3.6 SAMEVATTING

Moraliteit verwys na sedelikheid (paragraaf 1.2.1), die etiese raamwerk waarbinne ons lewe, dinge wat ons gedrag elke dag bepaal. Dit gaan nie net om sedelikheid in romantiese liefde of seksualiteit nie (daar ook), maar om aanvaarbare of sedelike gedrag oor die hele linie: Om die deurwerking van die Bybel in ons lewenswaardes en -gedrag in al ons doen en late te vertoon.

# HOOFSTUK 4–SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN REFLEKSIE OOR STUDIE

## 4.1 SAMEVATTENDE INLEIDING

Moraliteitis ŉ woord wat altyd in ŉ sekere konteks gebruik moet word. Uit die aard van die saak wil ons, die AGS Rehobot-gemeente van Suid-Afrika, hê ons jongmense moet 'n Jesus-moraliteit aanhang en nastreef; ten minste 'n Christelike waardestelsel aanhang en navolg.

Dit is duidelik dat die norms en waardes van ŉ groep of ŉ individu nie betroubaar genoeg is vir ŉ volmaakte menslike lewe nie. God het ons nie net as mense geformeer nie, maar Hy het ook vir ons riglyne gegee hoe om die lewe in sy volheid te geniet. Ons moet Sy riglyne en wette navolg. Hulle is die ware oorsprong van betroubare norms en waardes.

Waardes word baie selde nie binne-in ŉ groep gevorm nie. Moraliteit is meesalŉgroepding. As daardie groep nie meer die ouerhuis of kerk kan wees nie, want hulle ontvang jongmense onvriendelik en bied nie sinvolle verhoudings nie, dan skep hulle doodgewoon hulle eie "cluster"en hang dié groep se waardes aan. Dit verskil wesenlik van die ou "groepsdruk"soos ons dit nog altyd geken en verstaan het. In die geval word waardes en moraliteit deur die groep bepaal. Vele verkeerde dinge en skewe moraliteit word op dié manier regverdig en as *"okei"* gesien. Dit verdiep die moraliteitskrisis onder vandag se jongmense omdat die verkeerde as reg beskou word. Dit, tesame met die reeds bestaande en uiters sterk hedendaagse gees van "alles is okei"en die "meerderheid kan nie verkeerd wees nie", spel groot gevaar en laat die rooi ligte helder flikker.

Prins (2005:499) sê die Christen is nie van die wêreld nie, maar tog in die wêreld. In die gewone daaglikse lewe, met sy invloede en voorbeelde, uitdagings en geleenthede, opbouende en afbrekende ervarings, groei ook die kinders van die

geloofsgemeenskap op. Binne hierdie werklikheid moet ook hulle van die begin af leef as volgelinge van Jesus Christus. Aan die ouer en die kerk se kinder- en jeugbediening stel dit die eis om die konkrete realiteite van die daaglikse omgewing in die geloofsopvoeding van die jeug ter sprake te bring. ’n Belangrike vraag is dus in watter mate dit in die kinder- en jeugbediening gebeur?

Soos genoem in Hoofstuk 1,het daar met die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in 1994,'n einde gekom aan Apartheid en diskriminasie ten opsigte van velkleur, en 'n nuutgevonde vryheid het vir alle Suid-Afrikaners aangebreek. Dit is nou 24 jaar vanaf 1994 in 'n nuwe Suid-Afrika, en dit is juis nou so dat die navorsing ook gedoen is met jeugdiges vanaf 12 jaar tot 18 jaar.Hulle is almal binne die “Nuwe Suid-Afrika” gebore. Daar het mooi goed gebeur in die nuwe Suid-Afrika, maar ons kort ook “nuwe Suid-Afrikaners”. Hierdie nuutgevonde vryheid wat die “nuwe Suid-Afrika” bied, blyk die probleem te wees waarmee die AGS Rehobot-gemeente van Suid-Afrika se jongmense sukkel. Hulle kan die “vryheid” nie op 'n verantwoordelike wyse hanteer nie. Iemand het gesê: “Daar is 'n kanker in die siel van ons mense”. Almal hou hul hart vas oor hierdie kanker wat vreet, byvoorbeeld aan ons gesinne, aan ons vriendekringe en selfs aan ons geloofsgemeenskappe. As ons na hierdie prentjie kyk, begin ons besef in watter mate ons samelewing “siek”geword het. En dat morele waardes 'n belangrike “geneesmiddel”is wat hiermee kan help. Die verskillende kontekste waarin ons leef, soos die huisgesin, kerk, skool, werk en vriendekring, is kragtige beïnvloeders van waardes – negatief, maar ook positief.

Die genesing van bogenoemde kanker/morele verval lê, op drie vlakke:

- Dit begin by sterk, toegewyde huishoudings waar ouers nie net praat oor waardes soos integriteit, omgee, verantwoordelikheid, dissipline, respek en eerlikheid nie, maar dit uitleef.
- Dit lê by waardebouers soos die kerk en skool, met ander woorde, waardes moenie net op huishoudings rus nie, maar ook op grondvlak in die kerk en die skool beliggaam word. Individue moet dit vestig en bevorder.
- Dit lê in samewerking by oud en jonk, omdat die aanslae op waardes net te groot is om afsonderlik daaraan aandag te probeer gee.

## 4.2 GEVOLGTREKKINGS

In Hoofstuk 1 is Osmer (2008) aangehaal wat beweer dat die primêre doel van navorsing is om,onder andere,*“to equip congregational leaders to engage in episodes, situations and contexts that confront them in ministry.”*Na aanleiding daarvan, is ek as gemeenteleier gekonfronteer met ŉ situasie van morele verval onder die jongmense binne die gemeente en hoe hulle God se plan vir hul lewe mis – die plan waarvan die profeet Jeremia praat: “Ek weet wat Ek vir julle beplan… voorspoed en nie teenspoed nie, Ek wil vir julle ŉ toekoms gee…” (Jer. 29:11). As gemeentepastoorwil ek nou net help om hierdie pragtige jongmense weer terug te lei na die pad wat hulle moet wandel.

Soos ook reeds tevore gesê, is die kerk nie net ŉ toeskouer nie, maar ŉ aktiewe spanlid wat moet help om morele waardes terug te plaas binne die huisgesin, gemeente en die gemeenskap, en uit die vorige hoofstukke kan ŉ paar gevolgtrekkings gemaak word.

### 4.2.1 Sosiale netwerke

Die media is vele dinge, maar verseker nie jeug-vriendelik nie. Die wêreld wat Hollywood skep, is kunsmatig en soos egte plastiek. Ongelukkig word dit as die ware lewe aan jongmense verkoop. Die klere wat 18-jariges tien jaar terug gedra het en die musiek waarna hulle daardie tyd geluister het, is die kleredrag en musieksmaak van vandag se 13-jariges. Dit is ŉ algemene verskynsel wat vandag bekend staan as “*age compression*” (Prins, 2005:501). Jongmense word al hoe meer blootgestel aan uitdagende dinge.

### 4.2.2 Religieuse besonderhede

Ek is voorts van mening dat morele waardes wat aan die verval is in die AGS Rehobot-gemeente, die gevolg is van die feit dat die huidige waardestelsel waarmee huishoudings werk, nie in duidelike godsdienstige oortuigings gefundeer is nie.

Morele verval is die noodwendige gevolg van ŉ leë en godsdienstig ongefundeerde waardestelsel.

Een van die groot probleme vandag rondom die hele tema van moraliteit en ŉ gesonde Christelike waardestelsel is, is wat word vir ons jongmense gemodelleer deur die kerk en die volwassenes? Is dit wat pa en ma doen die regte ding, of dit wat hulle sê? Wat hoor jongmense vandag: bekende sportsterre se woorde of hulle rampspoedige skandale wat die media ontsier? Is die voorbeeld van Christene in die kerk of plaaslike gemeente navolgenswaardig as gevolg van die energie en passie daarvan, of is dit maar bra traag, wetties en verbeeldingloos?

### 4.2.3 Seksuele houding

Daar is verwarrende boodskappe oor seks, drank, dwelms en vele ander moraliteitsake. Ons jongmense word groot met ŉ verbruikersmentaliteit wat die *"happiness now!"* gedagte net verder versterk. ŉ Vinnige sigaret nou, ŉ drankie wat die kop lig laat voel, pornografie wat die liggaam prikkel of ŉ dwelm vir ontvlugting is alles *"happiness now!"*-faktore waarmee jongmense opreg stoei en worstel. Dit blyk dat seks ŉ algemene ervaring geword het vir jongmense, alhoewel hulle gekonfronteer word met seksueel oordraagbare siektes, Vigs en selfs swangerskappe. Hierdie seksuele ervarings word gevoed deurdat 43% van die jongmense vanuit die AGSRehobot-gemeente weekliks pornografiese webtuistes besoek met hul selfone. Die empiriese data in Addendum 1 rugsteun hierdie stelling.

### 4.2.4 Verhouding met ouers/broers/susters

Collins (2005:184) noem dat jongmense probeer wegbreek van ouerlike invloede, waardes en beheer. Die gesin voorsien nog steeds geld, vervoer en 'n blyplek, maar tieners kritiseer dikwels ouers se standaarde en het geen begeerte om saam met hulle kerk toe te gaan, vakansie te hou of inkopies te doen nie. Selfs die uitslag van die navorsing in Addendum 1 bewys hierdie voorafgaande stellings, want 75% van jongmense geniet dit glad nie om kerk toe te gaan nie. Die druk op jongmense word

al hoe groter, op ‘n al hoe jonger ouderdom. Die gevolge wat dikwels sigbaar is in geen moraliteit, depressie en selfmoord, is skrikwekkend. Die kerk, ouerhuis, skool, en vriendekring stuur verskillende boodskappe en seine uit. Wie kan geglo word? Die lewe gaan vandag om korttermyn *“happiness”* en nie oor langtermyn *“joy”* nie.

Omdat die ouerhuis vandag so stukkend, verbrokkel, onvriendelik, sukkelend, gebroke en onveilig is, skep jongmense hulle eie veilige hawe. Hulle skep hulle eie groepe wie se waardes hulle dan aanhang.

## 4.3 RIGLYNE VORENTOE

Die boek Prediker gee ’n opdrag aan jongmense om gelukkig te wees, en spreek hulle soos volg aan: “Jy wat jonk is, moet vreugde vind in jou jeug en jou jong dae ten volle geniet. Doen wat jy goedvind en waarvan jy hou, maar moenie vergeet dat God van jou rekenskap sal eis oor alles nie. Hou kommer uit jou hart en vermy wat jou liggaam kan kwaad doen. Ook die jeug en die jonkheid kom tot niks nie” (Pred 11:9-10). Om te help dat die jongmense van die AGS Rehobot-gemeente aan hierdie beginsel sal voldoen en ook te verhoed dat morele verval onder die jongmense van AGS Rehobot-gemeente voorkom of kop uit steek, word die volgende paar riglyne aanbeveel:

### 4.3.1 Primêre voorkoming

Primêre voorkoming is op alle kinders/jeugdiges gerig om die moontlikheid van morele verval sover moontlik te voorkom/uit te skakel. Deur voorkomingsprogramme deel van Sondagskool en jeugaktiwiteite te maak, byvoorbeeld die aanleer van lewensvaardighede, inligtingsessies oor, onder andere, dwelms, Vigs, enso meer, kan daar al ver gevorder word. Primêre voorkoming word ook gedoen deur gewone lidmate wat Sondagskoolonderwysers en die jeugbestuurspan help met beplanning en bestuur. Hulle kan help met voorbereiding van lesse/lesaanbieding en die wyse waarop die onderwyser respek en vertroue by kinders/jeugdiges moet kweek.

### 4.3.2 Sekondêre voorkoming

Sekondêre voorkoming is bedoel vir kinders/jeugdiges wat al gevaartekens begin toon dat hy/sy in die verkeerde rigting beweeg, alhoewel hulle nie geïdentifiseer kan word as kinders met spesifieke probleme nie. Kinders/jeugdiges kan ingedeel word in voorkomende/hulpverlenende programme wat rolspel insluit.Daardeurkan die moontlike scenario's, soos byvoorbeeld ‘n program om hulle te motiveer om nie die skool te vroeg te verlaat nie; of ‘n program wat jong dogters inlig hoe om nie swanger te word nie, kinders/jeugdiges leer om aanvaarbare sosiale gedrag te openbaar.

### 4.3.3 Tersiêre voorkoming

Tersiêre voorkoming is gerig op kinders/jeugdiges wat reeds gedragsprobleme openbaar het, deur te voorkom dat groter en ernstiger gedragsprobleme ontwikkel. Dit sou byvoorbeeld ook rehabilitasieprogramme en pastorale berading aan diegene insluit, wat bereid sou wees om hulle aan sodanige programme te onderwerp.

## 4.4 REFLEKSIEWE GEDAGTES OOR HIERDIE STUDIE

Soos met die meeste dinge in die lewe, is ŉ tekort aan finansies een van die grootste struikelblokke – ook wanneer dit by navorsing kom. Die tweede saak wat gewoonlik ŉ temperende invloed op navorsing het, is tyd, veral met deeltydse studie, aangesien die meeste nagraadse studente nog voltyds in ŉ professie staan.Moontlik nie juis ŉ struikelblok nie, maar beslis ŉ tekortkoming, is die feit dat hier met net een gemeente as populasie vir die navorsing gewerk is. Met meer gemeentes betrokke, kon die groter aantal respondente dalk ŉ meer gedetailleerde resultaat oplewer.

Ten spyte van bogenoemde opmerkings, is daar nogtans, volgens navorsingsvereistes, voldoende data versamel om te veralgemeen, en die navorser is tevrede met die uitkoms van die studie, wat in elk geval beduidende bevindinge opgelewer het om te veralgemeen op die groter gemeenskap van Progress, waarbinne die AGS Rehobot-gemeente geleë is.

## 4.5 VERDERE NAVORSINGMOONTLIKHEDE

Met meer tyd en voldoende finansies, is die navorsingsmoontlikhede in hierdie studieveld legio. Ek noem enkele moontlikhede:

- Ouers: Die rol wat ouers speel/kan speel in die voorkoming van morele verval by die kinders/jongmense in die gemeente.
- Kerk en Sondagskool: Die roeping van die kerk/gemeente om die kinders/jongmense op te voed sodat hulle nie die slagoffers van morele verval word nie.
- Kinders en Jeug: Die betrokkenheid van die kinders/jongmense by Sondagskool, Bybelstudie en ander Jeugaksies en -aktiwiteite soos, onder andere, voorkomingsprogramme om morele verval in die Gemeente teen te staan.
- Identifikasie van moontlike probleme: 'n Omvattende studie van, byvoorbeeld, al die moontlike probleme in die gemeente om van daaruit 'n oorkoepelende bedieningspatroon te ontwikkel, waarby elke lidmaat betrokke kan raak. Dit kan uitloop op die ontwikkeling van rehabilitasie en beradingsprogramme (pastoraal) wat 'n ontsaglike bydrae sal lewer tot stigting en opbou van enige gemeente.

Die navorsing het egter uiteindelik 'n dieper, meer oorkoepelende doel wat deur die leiers van die gemeente nagestreef word. Dit behels onder meer om die problematiek van die jeug ten opsigte van moraliteit en sedelikheid in die breë te bekyk, teen die agtergrond van alles wat in die gemeente aangaan: die hele gemeentelike opset en die kerk se verhoudings binne die gemeenskap, samelewing en omgewing waarbinne dit funksioneer (Osmer, 2008:10). Hierdie omvangryker en meer oorkoepelende navorsing sal in 'n opvolgstudie as verdere navorsingsmoontlikheid onderneem kan word.

# ADDENDUM: EMPIRIES-BESKRYWENDE ONDERSOEK

## 1. INLEIDING

Hoewel daar reeds in Hoofstuk 1 met die eerste taak van die navorser, naamlik die empiries-beskrywende taak begin is, word hierdie addendum in sy geheel gewy aan die kwantitatief empiriese ondersoek, waarby die beskrywende faset inbegrepe is. Die bevindinge word beskryf en in die fynste detail geanaliseer, ten einde ‘n duidelike beeld van die stand van sedelike verval onder die jeug ter sprake te bepaal.

## 2. NAVORSINGSONTWERP

De Vos *et al.* (2000:99) verwys na ŉ navorsingsontwerp as ŉ‘padkaart’. Dit beskryf die roete wat die navorser neem om die navorsingsvraag te beantwoord en die navorsingsdoelwitte te bereik, en sluit die data insamelingsmetodes, metodes van data analise en die interpretasie daarvan in.

### 2.1 Data insameling

ŉ Opname is ŉ proses waardeur navorsers ŉ navorsingsprobleem omstel in ŉ vraelys, en dan word hierdie vraelys gebruik om deur middel van respondente, data te versamel. Die data word dan gebruik vir beskrywende, verklarende en ondersoekende doeleindes. Die opnames in hierdie navorsing sal gebruik word vir die doeleinde van beskrywing. Dit mag die aantal kere wat iets gebeur bepaal, of die aantal kere (die frekwensie) waarmee een voorval met ŉ ander geassosieer kan word. Die eenheid van analise in hierdie navorsing is die morele verval onder die jeug in die bogenoemde beskrewe gemeente, tussen die ouderdomme van twaalf (12) en agtien (18) jaar oud. Babbie en Mouton (2001) beweer dit is die beste metode vir die insameling van oorspronklike data vir die beskrywing van die eienskappe van die breër bevolking, wat té groot is om direk waargeneem te word.

De Vos *et al.* (1998:166) beskryf die basiese doelwit van 'nvraelys as 'n wyse om feite en opinies aangaande 'n bepaalde verskynsel te verkry van mense wat ingelig is oor die bepaalde saak of verskynsel. Daarom word daar in hierdie navorsing juis gebruik gemaak van vraelyste wat uitgereik is aan jongmense tussen die ouderdomsgroep 12 tot 18 jaar, wat juis midde in die situasie leef. The New Dictionary of Social Work (1995:51) definieer vraelyste soos volg: "*as a set of questions on a form which is completed by the respondent in respect of a research project".* Vir hierdie navorsing sal slegs 60 respondente gekiesword, aangesien hierdie respondente deel uitmaak van AGS Rehobot-gemeente, waarvan 30 seuns en 30 dogters sal wees. Hul word soos volg geselekteer: 5 seuns en 5 dogters vir die ouderdomsgroep12 tot 13 jaar; 10 seuns en 10 dogters vir die ouderdomsgroep 14 tot 15 jaar; en 15 seuns en 15 dogters vir die ouderdomsgroep16 tot 18 jaar; hulle moet hul emosies en persepsies weergee. Meer respondente word geselekteer vir die ouderdomsgroep 16 tot 18 jaar aangesien hul meer vryheid het om rond te beweeg, nie meer so direk onder die ouers se toesig staan nie, en reeds allerlei ervaringe opgedoen het, en dus aan allerhande versoekings blootgestel was. Dit word bevestig deur Keegan (2004:1), wanneer hy vermeld: *"A major advantage of using the survey as a quantitative approach to research is that the data can be collected from the respondents in their natural setting".*

In hierdie navorsing is die data versamel onder die jeug van die AGS Rehobot-gemeente in Progress, Upington. So 'n vraelys is ook ekonomies van aard omdat die aantal vraelyste met data maklik ingesamel kan word. 'n Swakpunt van die vraelys is egter dat navorsers dit tog moeilik mag vind om die volle omvang van die totale lewensituasie waarin die respondente leer en beweeg met net 'n kleiner groep te bepaal (Keegan, 2004:1; Babbie & Mouton, 2001:263 en Seaman, 1987:182).

## 2.2 Die vraelys as data-insamelingsinstrument

'n Vraelys is gebruik as die mees geskikte data-insamelingsinstrument vir hierdie navorsing, want dit gebeur dikwels in die Sosiale Wetenskappe dat veranderlikes

geoperasionaliseer word wanneer die navorser vrae begin vra as ŉ manier om data te bekom vir analise en interpretasie.

Die gebruik van die vraelys het die navorser in staat gestel om inligting te bekom van die geselekteerde groep van jongmense. Die data wat ingesamel is, het ingesluit die geslag, ouderdom, huistaal, skoolbesoek, kerkbywoning, en buitemuurse aktiwiteite. Die navorser het persoonlik die vraelyste aan die respondente uitgedeel in die kerksaal van die AGS Rehobot-gemeente, en dit is anoniem deur die respondente self voltooi. Hulle is gevra om vrywillig aan die navorsing deel te neem deur die vraelys te voltooi. Al die deelnemers het persoonlik en privaat ŉ brief ontvang waarin verduidelik is wat die doel van die navorsing was, met die versoek dat hulle aan die studie deelneem deur die vraelys te voltooi. Die versekering is aan die respondente gegee dat hulle deelname aan die navorsing met streng vertroulikheid gehanteer sal word. Instruksies is ingesluit in die brief hoe die vraelys voltooi moet word. Die naam en telefoonnommers van die navorser, sowel as die naam van die Noordwes Universiteit verskyn op die vraelys om die geldigheid van die navorsing te bevestig. ŉ Groot voordeel van hierdie metode is dat die navorser ŉ goeie reaksie met ŉ hoë deelname ratio verwag. Dit kan egter gebeur dat wanneer die navorser persoonlik die vraelys hanteer en uitdeel, en wag dat die respondente dit voltooi, dat van die respondente vrae ter verduideliking van sommige vrae magvra, en dit mag die resultaat beïnvloed. Dit is ‘n nadeel van hierdie metode, en die navorser moet uiters versigtig wees dat dit nie gebeur nie (Babbie & Mouton, 2001:265).

### 2.3 Die samestelling van die vraelys

Die vraelys bevat duidelike instruksies hoe om dit te hanteer en te voltooi. Oop-einde en geslote-einde vrae is ingesluit in die vraelys. Die geslote-einde vrae is gebruik omdat dit makliker en vinniger is vir die respondent om dit te beantwoord. Die antwoorde van hierdie vrae is makliker om te kodeer en te analiseer. ŉ Nadeel van die gebruik van geslote-einde vrae is dat dit die respondente verplig om simplistiese antwoorde te gee vir ingewikkelde kwessies. Die oop-eindevrae is ingesluit omdat dit die respondente toelaat om kreatief te dink en hulleself beter uit te druk in hulle

antwoorde op die vrae. Die navorser het seker gemaak om nie te veel oop-einde vrae te vra nie, omdat dit tydrowend kan raak om te beantwoord en ook makliker foute maglaat insluip in die beantwoording van die vrae (Neumann, 2000:261).

Die respondente sal skriftelik die voorafopgestelde vrae beantwoord. Sekere vrae het opvolgvrae gehad. Hierdie vrae is spesifiek ingesluit om meer inligting oor ŉ respons op ŉ vorige vraag of vrae te verkry. Dit help om in-diepte inligting en kennis oor die navorsingsprobleem te verkry, en dit is ‘n algemene praktyk by navorsers om dit in vraelyste so te gebruik (De Vos *et al*., 2000:165).

Dowling en Brown (2010:72) beweer dat die aanloklikheid en voordeel van die vraelys daarin geleë is dat wanneer die navorser eers die inligting wat hy/sy gesoek het, geïdentifiseer het, dit relatief maklik lyk om ŉ lys van vrae te konstrueer wat reguit op die kern van die saak afstuur, wat aan die gekose respondente afgelewer kan word om te voltooi en teruggegee word op hulle eie goeie tyd. Die voordele van die gebruik van vraelyste is dat:

- daar met jong kinders gewerk word;
- respondente vraelyste in ŉ kort tyd kan beantwoord (30 minute maksimum);
- vraelyste deur ŉ administrateur gekontroleer kan word vir akkuraatheid;
- die metode relatief goedkoop is en maklik om te doen;
- respondente onmiddellik bygestaan kan word deur die fasiliteerder indien vrae onduidelik is.

Tinson (2009:91) stel voor dat, wanneer ŉ papiergebaseerde kwantitatiewe benadering gebruik word, dit aantrekliker mag wees as verskillende kleure papier gebruik word. Kinders, ongeag hulle ouderdom, kan nogal beïnvloed word deur kleur.

## 2.4 Steekproefneming

Die doel van steekproefneming is om 'n stel elemente uit 'n populasie op so 'n manier te kies, dat beskrywings van daardie elemente noukeurig die eienskappe uitbeeld van die totale bevolking waaruit die elemente gekies is. Daar is verskeie benaderings tot steekproefneming. In hierdie navorsing is die kwantitatiewe benadering gebruik, soos voorgestel deur Neumann (2000:195) en Seaman (1987:236).

## 2.5 Kwantitatiewe steekproefneming

Die gekose metode van kwantitatiewe navorsing vra aan 'n verteenwoordigende steekproef mense dieselfde geskrewe vrae, aangaande hulle menings, waardes en oortuigings. Kwantitatiewe navorsers se doel is om 'n verteenwoordigende steekproef te verkry uit 'n veel groter populasie. Waarskynlikheid-steekproefneming, ook bekend as ewekansige steekproefneming, verhoog die waarskynlikheid om hierdie doel te bereik en voorsien ook metodes vir die skatting van die graad van moontlike sukses.

In hierdie navorsing, het die navorser 'n kleiner groep jongmense uit die AGS Rehobot-gemeente bestudeer. Hulle is verteenwoordigend van die groter groep/populasie uit die gemeenskap van die voorstad, Progress, Upington, waaruit hulle geselekteer is. Die resultate van die navorsing, indien versigtig uitgevoer, sal 'n uitslag lewer wat net so akkuraat, indien nie meer nie, sal wees, as om te probeer om elke enkele persoon in die hele populasie te bereik en om akkurate veralgemenings van die groter groep weer te gee, volgens Babbie en Mouton (2000:175) en Neumann (2000:195). Babbie and Mouton (2001:233) vermeld verder dat *"…although the term questionnaire suggests a collection of questions, a typical questionnaire will probably contain as many statements as questions, especially if the researcher is interested in determining the extent to which respondents hold a particular attitude or perspective."*

## 3. BEVINDINGE EN DATA ANALISE

### 3.1 INLEIDING

Daar word deesdae toenemend klem gelê op waardes in die samelewing, maar ook in dieAGS Rehobot-gemeente, in Upington, veral met die gesprekke wat gevoer word oor die morele verval in die samelewing (Zuma, 2001:50). Die gesprek oor die gebrek aan waardes in Suid-Afrikaanse gemeenskappe en die morele krisis waarmee die gemeenskappe gekonfronteer word, hou hiermee verband (Rossouw, 2003:416). ’n Empiriese ondersoek soos genoem in Hoofstuk 1, is gedoen met die hulp van 60 jeugdiges van die AGS Rehobot-gemeente, tussen die ouderdom 12 jaar en 18 jaar om vas te stel in watter mate, indien enige, morele verval onder die AGS Rehobot-gemeente se jeug plaasgevind het.

### 3.2 BEVINDINGE

Ellis en Steyn (2003: 51-53) beweer dat’n voordeel van die trekking van ’n ewekansige steekproef is dat dit ’n navorser in staat stel om die eienskappe van ’n populasie te bestudeer, met die tyd en geld wat tot sy beskikking is. In sulke gevalle word die statisties beduidende toetse (byvoorbeeld die t-toetse) gebruik om te wys dat die resultate (byvoorbeeld die verskil tussen twee gemiddelde) betekenisvol is. Die *p*-waarde is ’n kriterium hiervan, gegewe die waarskynlikheid dat die verkreë waarde (of nog meer uitsonderlik) verkry kon word, met die veronderstelling dat die nul-hipotese (byvoorbeeld geen verskille tussen die populasie gemiddelde) waar is. ’n Klein *p*-waarde (byvoorbeeld kleiner as 0.05) word beskou as voldoende bewys dat die resultate statisties beduidend is. Statistiese beduidendheid impliseer nie noodwendig dat die resultate belangrik vir die praktyk is nie, aangesien hierdie toetse ’n neiging het om klein *p*-waardes (aanduidend van betekenis) op te lewer, soos die grootte van die stelle data groter word.

’n Natuurlike manier om kommentaar te lewer op praktiese betekenis of beduidendheid, is om die gestandaardiseerde verskil tussen die gemiddeld van twee populasies te analiseer; dit is die verskil tussen die twee gemiddelde gedeel deur die

skatting vir die berekening van standaard-afwyking. Wat in hierdie navorsing van Steyn (1999 en 2000) gebruik word, is die voorgestelde meting wat genoem word die effek-grootte, wat nie net die verskille onafhanklik maak van die eenhede en steekproefgrootte nie, maar wat ook verband hou met die verspreiding van die data.

**Let op dat die effek-grootte onafhanklik is van die steekproefgrootte. Cohen (1988) gee die volgende riglyne vir die interpretasie daarvan:**

**(a) Geringe effek: *w*=0.1**

**(b) Medium effek: *w*=0.3**

**(c) Groot/beduidende effek: *w*=0.5**

**‘n Verhouding met w>0.5 word beskou as prakties beduidend.**

Die resultate, soos bereken vir die hele ondersoekgroep, word saamgevat in onderstaande tabelle wat aantoon hoedanig respondente op die verskillende vrae gereageer het (of nie gereageer het nie).

### 3.2.1 Persoonlike besonderhede



**Geslag**

| | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1.00 | 30 | 50.0 | 50.0 | 50.0 |
| 2.00 | 30 | 50.0 | 50.0 | 100.0 |
| Total | 60 | 100.0 | 100.0 | |

Uit bogenoemde tabelle is dit duidelik dat die ondersoek gedoen was uit 60 respondente, waarvan 30 seuns (50%) en 30 dogters (50%) was.




**Ouderdom**

| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| Valid | 1.00 | 10 | 16.7 | 16.7 | 16.7 |
| | 2.00 | 20 | 33.3 | 33.3 | 50.0 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 3.00 | 30 | 50.0 | 50.0 | 100.0 |
| | Total | 60 | 100.0 | 100.0 | |

Van die 60 respondente wat deelgeneem het aan die ondersoek, was 16,7% in die ouderdomsgroep van 12 tot 13 jaar, 33,3% was onder die ouderdomsgroep 14 tot 15 jaar, en 50,0% was onder die ouderdomsgroep 16 tot 18 jaar. Meer respondente tussen die ouderdom 14 tot 18 jaar is gekies omrede hulle meer vryheid geniet as respondente in die ouderdomsgroep 12 tot 13 jaar. Hulle was ook meer blootgestel aan verskeie uitdagings waar hul moes keuses maak.




**Taal**

| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| Valid | 1.00 | 59 | 98.3 | 98.3 | 98.3 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 2.00 | 1 | 1.7 | 1.7 | 100.0 |
| | Total | 60 | 100.0 | 100.0 | |

98,3% van alle respondente is Afrikaanssprekend en slegs 1,7% is Engelssprekend. Dit sal dus 'n goeie aanduiding gee of Afrikaanssprekendes konserwatief is en of hulle alle inhibisies oorboord gegooi het.




**Skool**

| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| Valid | 1.00 | 10 | 16.7 | 16.7 | 16.7 |
| | 2.00 | 50 | 83.3 | 83.3 | 100.0 |
| | Total | 60 | 100.0 | 100.0 | |

Soos reeds vroeër aangedui by die seleksie van ouderdom, is dit duidelik dat 83,3% hoërskoolleerders is en slegs 16,7% van die respondente laerskool bywoon. Hoërskoolleerders kom meer gereeld te staan voor keuses wat hulle moet maak, as gevolg van groepsdruk. Hoërskoolleerders het ook die geneigheid om die grenslyne te verskuif, hulle eksperimenteer graag en wil kyk hoe ver hulle die grenslyne kan versit en vir hoe lank hul daarmee sal wegkom.




**Bly**

| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| Valid | 1.00 | 14 | 23.3 | 23.7 | 23.7 |
| | 2.00 | 1 | 1.7 | 1.7 | 25.4 |
| | 3.00 | 9 | 15.0 | 15.3 | 40.7 |
| | 4.00 | 30 | 50.0 | 50.8 | 91.5 |
| | 5.00 | 5 | 8.3 | 8.5 | 100.0 |
| | Total | 59 | 98.3 | 100.0 | |
| Missing | System | 1 | 1.7 | | |
| Total | | 60 | 100.0 | | |

Van die respondente wat deelgeneem het, bly 50,0% by beide ouers, 23,3% slegs by hul ma, 'n enkelouer, 15,0% by hul ouma en/of oupa, 8,3% by hul voog, en 1,7% by hul pa. Dit is verblydend dat 50% van respondente uit 'n "ideale gesinslewe" kom, waar beide ouers nog leef en saambly. Talle ouers is egter naïef deurdat hulle dink hul kinders is onskuldig wanneer dit kom by seks, drank en dwelms.

Hierdie resultate bevestig die basis-teorie, naamlik dat kinders hulle waardes dikwels yk op die van hulle ouers. Ouers funksioneer as 'n model vir hulle kinders; daarom is dit verblydend dat 50% van die respondente uit 'n gesonde gesinslewe kom, waar hulle 'n 'ideale' en normale lewe ervaar.

### 3.2.2 Sosiale netwerke




**Tyd spandeer per werksdag om televisie te kyk**

| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| Valid | 1.00 | 2 | 3.3 | 3.3 | 3.3 |
| | 2.00 | 1 | 1.7 | 1.7 | 5.0 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.00 | 11 | 18.3 | 18.3 | 23.3 |
| 4.00 | 15 | 25.0 | 25.0 | 48.3 |
| 5.00 | 12 | 20.0 | 20.0 | 68.3 |
| 6.00 | 19 | 31.7 | 31.7 | 100.0 |
| Total | 60 | 100.0 | 100.0 | |

Die meeste jeugdiges spandeer hul tyd onproduktief. 76,7% van respondente spandeer elke dag, van Maandag tot Vrydag,die hele middag deur televisie te kyk. Seks is alledaags in rolprente en op televisie. Dit is 'n goeie aanduiding waaraan respondente blootgestel word. Dit behoort ook 'n goeie aanduiding te wees hoe hul presteer op skool, alhoewel dit nie in hierdie ondersoek ter sprake is nie.




**Tyd spandeer per werksdag op sosiale netwerke**

| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| Valid | 1.00 | 14 | 23.3 | 23.3 | 23.3 |
| | 2.00 | 13 | 21.7 | 21.7 | 45.0 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.00 | 5 | 8.3 | 8.3 | 53.3 |
| 4.00 | 12 | 20.0 | 20.0 | 73.3 |
| 5.00 | 5 | 8.3 | 8.3 | 81.7 |
| 6.00 | 11 | 18.3 | 18.3 | 100.0 |
| Total | 60 | 100.0 | 100.0 | |

54.9% van alle respondente spandeer tussen een en vier ure per dag op hul selfone deur te M-xit, op Facebook te wees en selfs op ander sosiale netwerke te kuier.

Bogenoemde resultate bevestig die meta-teorie, naamlik dat kinders as gevolg van die afwesigheid van die ouers, meer blootgestel word aan die vrydenkende samelewing in hulle soeke na alternatiewe geleenthede om hulle fantasieë elders te stimuleer.




| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| Valid | 1.00 | 24 | 40.0 | 40.0 | 40.0 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 2.00 | 36 | 60.0 | 60.0 | 100.0 |
| | Total | 60 | 100.0 | 100.0 | |

40% van respondente het al 'n pornografiese webtuiste besoek en 43.3% van hulle besoek hierdie websites meer as een tot vier keer per week. Sedert die Internet inligting binne almal se bereik geplaas het, word tieners met pornografie gebombardeer.

Ook hierdie bevinding rym met die inligting uit die literatuurstudie, dat ons samelewing gebombardeer word deur ongewenste inligting, kitsoplossings, en pornografie.




**Pornografiese websites per week**

| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1.00 | 15 | 25.0 | 57.7 | 57.7 |
| Valid | 2.00 | 9 | 15.0 | 34.6 | 92.3 |
| | 3.00 | 1 | 1.7 | 3.8 | 96.2 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 4.00 | 1 | 1.7 | 3.8 | 100.0 |
| | Total | 26 | 43.3 | 100.0 | |
| Missing | System | 34 | 56.7 | | |
| Total | | 60 | 100.0 | | |

43,3% van respondente is weekliks op selfone besig om na pornografiese webtuistes te kyk. Dit kan juis die rede wees waarom takke van ons tieners reeds seks gehad het.

### 3.2.3 Religieuse besonderhede




**Besoek kerk**

| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| Valid | 1.00 | 4 | 6.7 | 6.7 | 6.7 |
| | 2.00 | 10 | 16.7 | 16.7 | 23.3 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.00 | 3 | 5.0 | 5.0 | 28.3 |
| 4.00 | 14 | 23.3 | 23.3 | 51.7 |
| 5.00 | 29 | 48.3 | 48.3 | 100.0 |
| Total | 60 | 100.0 | 100.0 | |

Goeie nuus is wel dat 48.3% van alle respondente wel twee tot drie keer per maand kerk toe gaan, net jammer dat geeneen aangedui het dat hulle wel elke Sondag ten minste by die kerk uitkom nie.




| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| Valid | 1.00 | 18 | 30.0 | 30.0 | 30.0 |
| | 2.00 | 21 | 35.0 | 35.0 | 65.0 |
| | 3.00 | 8 | 13.3 | 13.3 | 78.3 |
| | 4.00 | 4 | 6.7 | 6.7 | 85.0 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 5.00 | 2 | 3.3 | 3.3 | 88.3 |
| | 6.00 | 7 | 11.7 | 11.7 | 100.0 |
| | Total | 60 | 100.0 | 100.0 | |

Alhoewel 48.3% van alle respondente wel twee tot drie maal per maand kerk toe gaan, bestaan daar tog groot kommer wanneer dit kom by die nalaat van die lees van die Bybel. 65% van ons jeug lees glad nie meer die Bybel nie, met ander woorde hulle weet nie wat vir God belangrik is nie, en ken nie meer Sy wil of riglyne nie.

Aangesien 65% van die respondente glad nie meer die Bybel lees nie, sal hulle dus daardie vrugte pluk om die doel wat God met hulle lewe het, te mis. Hulle leef eintlik 'n tweederangse lewe; hulle is tevrede met die tweede beste; hulle ontbeer dus dit wat God oorspronklik vir hulle bedoel het, naamlik die heel beste. En dit is waar die tragedie van morele verval eintlik lê.




**Kerkgenootskap**

| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| Valid | 1.00 | 55 | 91.7 | 93.2 | 93.2 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 2.00 | 4 | 6.7 | 6.8 | 100.0 |
| | Total | 59 | 98.3 | 100.0 | |
| Missing | System | 1 | 1.7 | | |
| Total | | 60 | 100.0 | | |

91,7% van respondente behoort aan die AGS Rehobot-gemeente; die ander 6,7% is saamlopers. Hulle oorweeg dit heel moontlik om later by die gemeente aan te sluit.




**Sondagskoolbygewoon**

| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| Valid | 1.00 | 5 | 8.3 | 8.3 | 8.3 |
| | 2.00 | 13 | 21.7 | 21.7 | 30.0 |
| | 3.00 | 21 | 35.0 | 35.0 | 65.0 |
| | 4.00 | 21 | 35.0 | 35.0 | 100.0 |
| | Total | 60 | 100.0 | 100.0 | |

30% van die respondente het glad nie, of selde Sondagskool toe gegaan, terwyl die ander 70% gereeld Sondagskool geloop het.




**Tien Gebooie**

| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| Valid | 1.00 | 7 | 11.7 | 11.7 | 11.7 |
| | 2.00 | 29 | 48.3 | 48.3 | 60.0 |
| | 3.00 | 23 | 38.3 | 38.3 | 98.3 |
| | 4.00 | 1 | 1.7 | 1.7 | 100.0 |
| | Total | 60 | 100.0 | 100.0 | |

60% van respondente het geen of min kennis van die inhoud van die Tien Gebooie.

Dit is kommerwekkend, want dit bevestig dat 'n groot persentasie van ons jeugdiges glad nie weet wat God se Woord inhou nie, en dat hulle dus onwetend buite Sy wil beweeg.

Die Skrif vereis dat kinders hulle ouers moet eer en hulle moet respekteer (die vyfde gebod), sodat hulle God se beloftes deelagtig kan word. Dit word duidelik dat die 60% van die respondente/jongmense wat aangetoon het dat hulle nie die Tien Gebooie ken of daarvolgens lewe nie, die beloftes van God ontbeer. Derhalwe neem morele verval onder die jongmense toe want vanweë hulle onkunde, verloor hulle die verstaan van die Bybel en die Tien Gebooie. Die enigste gebod met 'n belofte. En hulle loop dit mis.




**Geniet van kerkdienste**

| | | Frequency | Percent | Valid Percent | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|---|
| Valid | 2.00 | 23 | 38.3 | 38.3 | 38.3 |
| | 3.00 | 22 | 36.7 | 36.7 | 75.0 |
| | 4.00 | 15 | 25.0 | 25.0 | 100.0 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Total | 60 | 100.0 | 100.0 | |

75% van alle respondente het aangedui dat hulle dit glad nie geniet nie, of net soms geniet om kerk toe te gaan. Dit dui regtig rooiligte aan vir die toekoms van ons jeug en dit behoort vir die kerk 'n aanduiding te wees dat hulle iets drasties moet doen om die kerk meer aantreklik en uitnodigend vir die jeug te maak.

